WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika in samewerking met die Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /
The Reformational Movement of Southern Africa in coordination with the Bureau for Scholarly Journals

●

WINTER-UITGAWE – 2010
WINTER EDITION – 2010
Vol. 50 no. 412

●

REDAKTEUR /
EDITOR
Michael Heyns

●

ARTIKELREDAKTEURS /
FEATURE EDITORS
Bennie van der Walt, Michael Heyns, Willemien du Plessis, Nico Vorster, Leentie de Lange, Esmé van Rensburg, Marlies Taljard

●

MEDEWERKENDE REDAKTEURS /
CONTRIBUTING EDITORS
Lourens du Plessis, Nic Olivier, Attie van Niekerk, Johan Snyman, Allan Munro, Amie van Wyk

●

BUROHOOF & TEKSVERSORGING /
HEAD OF BUREAU & TEXT EDITING:
Susan Lourens
FORMATERING / FORMATTING:
Santie Lourens
Bertha Oberholzer
FINANSIES & ADMINISTRASIE /
FINANCE & ADMINISTRATION:
Erika Otto

●

Redaksionele stukke en korrespondensie /
Editorial articles and correspondence:
Woord en Daad / **Word and Action**
Privaatsak / Private Bag X6001
POTCHEFSTROOM 2520
RSA

●

Tel. (018) 299-4081
Faks/Fax 086 564 7983
E-pos / e-mail:
Susan.Lourens@nwu.ac.za

●

FUNKSIONARISSE / OFFICIALS
Jan Swanepoel
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)
Amie van Wyk
(Visevoorsitter / Vice chairman REBSA / REMSA)

●

INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:
RSA R80 Ander / Other $45

●

Gedruk deur / Printed by
***IVYLINE Technologies**,*
Potchefstroom

●

VOORBLAD – Erika Otto
BWT

INHOUD

HOOFARTIKEL / EDITORIAL

1 Sout in 'n nuwe pakkie?
M. Heyns

PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

2 To be salt and light in our contemporary world
B.J. van der Walt

MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

6 Apologetiese versus kritiese besigheidsetiek
S.W.P. Engelbrecht

10 Die Buchan-verskynsel: hoe moet ons dit verstaan?
J.H. van Wyk

14 Die Israel-Arabiese konflik: perspektief op die verlede en die hede
J.F. Kirsten

21 Onbeskaamd Christelik: 'n grondwetlike mandaat vir die Christengelowige skoolkind
I.J. Oosthuizen

24 Reformational organisations for labour relations
R. Coletto

IN MEMORIAM

29 Chris Louw – in memoriam
D.C. Coetsee

RESENSIES / REVIEWS

Resensies verskyn op p. 20, 28, 32-36

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and not necessarily those of the Editorial Board.

Sout in ’n nuwe pakkie?

Die idee van ’n Christelike perspektief wat geïntegreer is in wetenskaplike en algemeen intellektuele werk en debatte is een van die hoekstene wat *Woord en daad* ’n eie stem gee. Bennie van der Walt gee ’n besondere blik op hierdie saak in sy prinsipiële besinning oor Christene wat sout en lig vir hierdie wêreld moet wees.

Direk van toepassing op hierdie uitgangspunt is twee waarnemings oor die huidige stand van sake. Die eerste is meer “veraf”: *Woord en daad* het ’n besondere band met die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (Puk) wat in ’n vorige bedeling gegroei het uit die idee van ’n geïntegreerde Christelike perspektief in die wetenskap. Dit gaan tans baie goed met die Puk – daar is ’n groei in getalle, navorsing asook in die gehalte van akademiese werk. Tog word ervaar dat die weglaat van die idee van ’n geïntegreerde Christelike perspektief uit die amptelike visie van die kampus ’n “verflouing” in hierdie perspektief teweeggebring het. Die kans is daar dat ons oor ’n klompie jare net daarvan in die geskiedenisboeke oor die kampus sal lees.

Meer direk van toepassing is ’n opmerking van professor Mottie Tamarkin, ’n Israelse geleerde wat as ’n navorsingprojek *Woord en daad* as “stem van Potchefstroom” tydens die apartheidsjare bestudeer. Hy is van mening dat in vergelyking met *Woord en daad* se rol en inhoud destyds dit tans ’n taamlike “flou verskynsel” geword het en gewoon “vervelig” is. Die vraag is dus: Het *Woord en daad* nog iets uniek by te voeg, ’n uniekheid wat veral te make het met ’n geïntegreerde Christelike perspektief?

’n Simplistiese beskouing sou wees dat die weglaat van die CHO uit die Puk-naam aan die wortel van die “kwaad” lê. Die onmiddellike teenargument is dat die politieke werklikhede sedert 1994 die “CHO” bloot onmoontlik gemaak het. Dieselfde kan waarskynlik gesê word van die na-1994 bedeling in die algemeen: Christelike stemme is na die periferie geskuif en word in sommige invloedryke kringe selfs geëtiketteer as deel van ’n gediskrediteerde apartheidsbedeling.

Die verlies van die “CHO” is deel van die stilword van die sogenaamde “stem van Potchefstroom”, want die Puk is nou deel van ’n groter geheel met ’n “ander” stem.

Wat waarskynlik seerder sal maak, is die besef dat die “CHO” toe nie so diep in die gryn van die Puk geloop het soos gedink is nie. Dit spreek uit die feit dat ’n geïntegreerde Christelike perspektief net op enkele plekke op die kampus bestaan en nie ’n vanselfsprekendheid is nie – en dit slegs enkele jare na die terminering van die “CHO”. Die waarheid is waarskynlik dat die Christelike perspektief in die meerderheid gevalle op ’n dualistiese wyse ’n blote toevoeging was wat met groot gemak in die huidige politieke bedeling weggelaat kon word.

Is hierdie evaluering ’n té sterk oordeel? Waarskynlik is daar iets van waar, maar waarskynlik is daar ook “groeipunte” waarop eerder gekonsentreer moet word as om oor water onder die brug deur te lamenteer.

Heel eerste, die huidige bestuur van die NWU stel steeds dat dit enige dosent vry staan om ’n definitiewe religieuse posisie in die klas in te neem. Hierdie is ’n belangrike stuk akademiese vryheid. Om die waarheid te sê, daar moet gepoog word om dit baie meer aggressief uit te bou as deel van die kernkultuur en -waardes van die kampus sodat daar steeds ruimte is vir Christene met ’n “geïntegreerde” perspektief.

Daar is mense en akademiese entiteite wat die idee van ’n geïntegreerde Christelike perspektief as waardevol beskou. Hierdie perspektief is egter ’n gevaar indien dit nie opgepas en geherposisioneer word nie. Alhoewel die Universiteit so ’n perspektief nie aktief deur middel van aanstellings kan bevorder nie, is daar nie ’n verbod op die organisering van mense in verenigings en liggame wat hierdie perspektief bevorder nie. Sodanige verenigings en “stemme” bestaan reeds. ’n Vereniging soos *Rebsa* en *Woord en daad* as die stem daarvan behoort met nuwe ywer te funksioneer. Die Christelike perspektief sal in ’n nuwe konteks bevorder moet word. Dit is nie meer ’n bedeling waarin dit outomaties deur die owerhede gesteun sal word, of op outoritêre wyse afgedwing kan word nie. Dit maak die situasie verwant aan dié van die vroeë Christene wat ’n minderheid in hulle gemeenskap was en hulle perspektief moes laat geld met die wete dat baie daarvan gaan afhang of hulle die respek en goedgesindheid van nie-Christene kon afdwing.

Michael Heyns
(Uitgawe Redakteur)

To be salt and light in our contemporary world

Bennie van der Walt
School for Philosophy, Potchefstroom Campus, North-West University

Christ indicates our task as Christians in the world (society at large) by means of two simple, yet at the same time very lucid and powerful images: our calling to be salt and light (Matt. 5:13-16). If we were to summarise this passage from Scripture in three points, it will include the following: *who* we are (our Christian identity), *what* we have to do (our vocation in the world), and *how* it should happen.

As an introduction, however, first something about the dispensation in which we live today.

We no longer live in the beginning (creation), during the fall or the coming of Christ. After his advent the gospel was proclaimed all over the world. At first it was accepted zealously also in the Western world. However, since the sixteenth-century Renaissance it is increasingly ignored in the West. Today we see the unmistakable results of this in increasing secularisation. Even in Africa, where the Christian faith is still young and growing, secularism is expanding daily.

The cardinal moments of world history is formation, deformation, reformation and culmination.

People do not know who they really are. Only the Bible can reveal to us who and what a human being really is. In society too (married and family life, education, politics and the economy) the secular decline is visible.

What is the task of the Christian in the year of our Lord 2010, that is, in this period between the advent of Christ and his second coming? It is a complex era. On the one hand Christ has conquered sin and we can see signs of his restorative work. On the other hand we live daily with the awful consequences of disobedience.

If we were to sum up the cardinal moments of world history in the light of the Bible (creation, the fall, redemption and culmination) as formation, deformation, reformation and culmination, then we are currently living in the third period which calls for reformation (in the power of the redemption worked by Christ). We have to think and act in a reformational way.

Christians should work like salt

As described in the preceding part of this chapter in Matthew, Christ does not tell the believers of his time in the first place that they *have to be*, but that they *are* the salt and the light of this world. Through them – ordinary folk of that time – his gospel would be spread over the whole earth. In the second instance He does not call on them to be salt and light in the church, but specifically to the world.

It is well-known that salt mainly has three functions. Firstly, it prevents (as in the case of food) decay – it acts as a preservative. This is the Christian's first task. The world has to be called back to obedience to God's ordinances for human beings and society, for this is the guarantee for a truly healthy life.

Secondly, the function of salt is to enhance the taste of food, to bring out its full

flavour. From this it can be deduced that Christians should show the secular world what a person, a marriage, family, school, business or state should really be like – according to God's original intention. It points out the relevance of the gospel for the whole of life.

In the third instance, salt can be used as a cleansing substance. It can – even though it burns – disinfect a wound. From this we can deduce that a Christian should also be critically disposed towards his/her diseased environment and not merely accept everything. For instance, the contemporary commercialisation of everything should be uncovered and resisted. Christians have a reformational vocation for a healthy society.

Christians as salt have the functions to *protect* and *preserve* what is still good, so that it does not decay, to *improve* that which has begun to decline, and to *cleanse* that which has gone bad.

In summary one could translate the foregoing as follows: In the mixed world in which we live (saved in Christ, but not yet completed), Christians as salt have three functions: to *protect* and *preserve* what is still good so that it does not decay, to *improve* that which has begun to decline, and to *cleanse* that which has gone bad.

None of these three functions comprises destructive, negative criticism, but all have a healthy, healing intention.

Christians as the light of the world

Light, too, has three definite functions. In the first instance, when in the dark, no one knows where he/she is and where to go. Light helps to give direction. Therefore, it can be likened to a worldview.

Secondly, a light attracts – as a city on a hill would attract a lost, fatigued traveller. Thirdly, one cannot see one's fellow human beings if it is dark around one. Light, however, makes it possible to see one another, to live in a relationship with others.

Salt and light

One could raise two questions: Why does Christ compare his followers first with salt and then with light? Why does he compare them to salt and light?

- **First salt, then light**

It strikes one that Christians are not compared first with light and afterwards with salt. Could it be that Christ with this particular order wanted to remind his followers that their reformational deeds should precede their words; that a Christian lifestyle speaks more clearly to the unbelieving world than a Christian worldview? To believers their Christian perspective as a motive comes first, but for the world it comes only afterwards, as an explanation of the deeds of Christians.

Answering the second question above, one could say that the image of salt denotes the intensity of the Christian's presence in society, while light – even a small candle can drive away the darkness – draws the attention to the extensiveness of Christian involvement.

A still deeper meaning is concealed in these two images. Not for nothing does Christ say that his followers should be salt *and* light. The two images denote the two essential sides of truly reformational thinking and deeds, namely the structural and the directional.

The image of salt denotes the structural changes needed in the various societal relationships (marriage, family, state, etc.). However, simply changing structures – even in a revolutionary manner, as is happening in postapartheid South Africa – is not enough.

The image of light reminds us that, inevitably connected to the structures, the direction should also change. The current secular direction or spirit of society should change to obedience to God's will for every aspect of life. Christian movements for the improvement of society unfortunately often are focused on this one facet alone. Many Christians in Africa are inclined to think that prayer, especially mass prayer meetings and large numbers of converts, will halt the increasing secularisation of their societies in an instant. Of course prayer and conversion are indispensable first steps. Stopping there is, however, not enough.

Structural change without new obedience to God's will is without direction, and the right direction without real change of structures in society is empty.

Structure and direction form an inseparable unity, for both are subject to God's will. The first to God's creational ordinances for the various fields of life, and the latter to God's directional command of love.

The following two examples will illustrate the above. Development (an important theme in Africa) may seem good, but when the deepest religious motivation (direction) is uncovered, it may become evident that it is inspired not by true love, but rather by egotistic self-interest (of e.g. wealthy Western countries). In the case of Christian development projects the motivation often is right (love of God and the neighbour), but the people doing the work often do not have the vaguest concept of the structural requirements for successful development aid.

Unfortunately history bears testimony to the fact that Christians are not automatically salt and light for the world.

The same applies to Christians' involvement in politics. They realise that this important field of life may not be isolated from God's ordinances, but they often do not know how they should actually be structurally involved in it.

How to be true salt and light

Unfortunately history bears testimony to the fact that Christians are not automatically salt and light for the world.

- **Four attitudes**

In the course of history we see four wrong attitudes of Christians towards the world around them. Some Christians cannot be salt, for they are only formal or nominal Christians and not really convinced and devoted followers of Christ. They have lost their Christian identity. There were also and still are Christians – like some white Christians in South Africa today – who, instead of being salt, withdraw into their own small world (emigration to the inside) and isolate themselves from society at large. They do not want to be salt. Again, others simply accommodate to secular society. Since they "do not want to offend", or try to act in a politically correct way, or maybe are embarrassed by their own Christian convictions. They prefer being sugar to being salt. As if Christ had said: "You are the honey for the world". A fourth group of Christians do not act like true lights. They put off non-believers rather than attract them.

- **Christ's warning**

Christ foresaw these dangers and cautions against them. He delivers us from the sinful world, but simultaneously sends us back into the world, his own creation (cf. John 17:15, 18).

Christ warns against nominal Christians by reminding them that salt can become tasteless. In those days salt was extracted from huge lumps and the tasteless remainder was thrown away.

Against Christians who isolate themselves, Christ reminds them that salt can only do its work by mixing with its environment. If it

stays isolated or remains in the salt cellar or in a container, it is useless. Christians who withdraw from society can clearly have no influence on it.

The opposite of this is too much salt. Then one does not salt the food but spoils it. The secret of salt (just as in the case of yeast, Matt. 13:33) is that a small amount of it changes the whole environment. In the same way Christians should not try to destroy their sinful environment by violence – like hydrochloric acid that contains salt as a basic element – but they should renew their environment.

The case of light is somewhat similar. To have an actual effect it may not be isolated (hidden under a pail). One could apply the image in this way that believers should not be ashamed of witnessing with words and deeds for their faith in public life.

Christians should fulfil their vocation as salt and light in the power of the Spirit and to the glory of God.

Furthermore, it is striking that Christians are not called to be fire but to be light. It once more points to their quiet, peaceful – but powerful – influence. It also denotes the attraction that should emanate from Christians' conduct.

Secrets behind Christian involvement in society

Finally we focus on three things without which Christians cannot fulfil their vocation as salt and light, namely it should be done together, it can only be done in the power of the Spirit, and it should be done to the glory of God.

- **A common vocation**

Christ here uses the plural "you" and not the singular. He is not speaking of separate grains of salt, individual Christians. Neither does He say you are the individual lights of the world, but together (you are) the light for society. (A city on a hill includes numerous inhabitants.)

From this we can deduce that individual Christians by themselves have limited influence, but that an organised Christian group can have greater impact. Christians in South Africa still have to learn to stand together, to protest, to organise, and to found Christian schools and political parties to achieve more in order to put a stop to growing secularism.

- **Only in the power from Above**

Not in their own power are Christians lights in a dark world. They will only be light if they reflect God (who is called Light), Christ (the Light for the world) and his Word (the Light for our path). Being tasteless salt can mean that one attempts to be involved in society in one's own strength. This is, however, doomed to failure beforehand. Only in the power of the Holy Spirit can Christians really be salt and light. God gives this incredible power to everyone that prays to Him.

- **The dominant motive**

In Matthew 5:16 both the result and the deepest motive for Christian involvement in the world around us is given: "… that they [the people] see your good deeds and praise your Father in heaven" – once more the emphasis is on the visible, actual conduct!

Not only must the sinful world eventually praise God, but Christians themselves should also be salt and light – not for their own glory, but to praise their heavenly Father.

Apologetiese versus kritiese besigheidsetiek

S.W.P. Engelbrecht
Skool vir Ondernemingsbestuur,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Besigheidsetiek: redder of samesweerder?

In reaksie op die mees onlangse mislukking van vryemarkkapitalisme beweer meer en meer akademici, sosiale kritici en besigheidslui dat ons na etiek moet draai vir oplossings. Fareed Zakaria beweer in 'n uitgawe van *Newsweek* dat die kapitalistiese sisteem slegs kan werk as 'n sin vir etiek en waardes aan die kern daarvan lê: "No matter what reforms we put in place, without common sense, judgement and an ethical standard, they will prove inadequate". Te midde van hierdie hoop op, en belegging in etiek is duidelikheid nodig rakende die doelstellings, omvang en beperkings van besigheidsetiek. Hierdie vraag is veral belangrik omdat Besigheidsetiek (as studieveld en as professie) baie maklik besigheid en die gepaardgaande euwels daarvan kan regverdig en selfs aanhelp, eerder as om dit te hervorm.

Terselfdertyd kry hierdie vraag 'n eksistensiële dimensie wanneer dit gevra word deur 'n student van die Filosofie, geskool in kritiese sosiale en postmoderne teorie, wat meteens Besigheidsetiek op tersiêre vlak aanbied vir studente in die Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe. Hierdie spesifieke soort student van die Filosofie – skepties oor enige metafisiese aansprake en simpatiek teenoor die radikaliteit in Marx se werk – word gekonfronteer met die dilemma of besigheidsetiek nie 'n soort "uitverkoop" verteenwoordig nie. Is die aanbied van 'n module in Besigheidsetiek nie verraad teen die impuls om 'n historiese, toevallige en onregverdige samelewingsbestel te verander nie? Word die navorser en dosent in Besigheidsetiek nie 'n samesweerder, 'n bevestiger en verstewiger van bestaande en leedveroorsakende kapitalistiese praktyke nie?

Is die aanbied van 'n module in Besigheidsetiek nie verraad teen die impuls om 'n historiese, toevallige en onregverdige samelewingsbestel te verander nie? Word die navorser en dosent in Besigheidsetiek nie 'n samesweerder, 'n bevestiger en verstewiger van bestaande en leedveroorsakende kapitalistiese praktyke nie?

Natuurlik het hierdie vraag nie 'n eenvoudige antwoord nie. Die antwoord sal wissel op grond van verskillende maniere waarop betekenis gegee word aan konsepte soos *besigheid*, *etiek* en *kapitalisme*. In wat volg wil ek die standaardmodel (die ideaal) van besigheid en besigheidsetiek uiteensit en problematiseer, en dan 'n voorstel maak vir 'n radikale verstaan en beoefening van besigheidsetiek – 'n verstaan en beoefening gepas in die konteks van 'n post-

metafisiese intellektuele klimaat, en getrou aan ’n utopiese politieke impuls.

Die standaardmodel van besigheid

’n Eerste verstaan van besigheidsetiek beskou dit as ’n manier om op te maak vir ’n dwalende en onvolmaakte menslike element soos dit deelneem aan ’n eties-neutrale of selfs inherent-morele vryemarksisteem – die apologetiese posisie. Volgens die apologeet is vryemarkkapitalisme die beste van alle samelewingsorganiserings. Hy verdedig dit op metafisiese of pragmatiese gronde. Metafisies gesien, korrespondeer vryemarkkapitalisme met ’n vrye, individualistiese en selfsugtige menslike natuur. Pragmaties gesien is vryemarkkapitalisme die beste strategie wat die mens nog kon bedink om rykdom te skep en menslike welstand te bevorder. Die prototipe-voorbeeld van besigheids-apologetiek is die argumente van Robert Solomon. Volgens Solomon is besigheid binne vryemarkkapitalisme inherent goed. Dit is die beste manier om mense uit armoede te red, en terselfdertyd verbeter dit lewenskwaliteit deur die behoeftes van individue te bevredig. Dit bevorder individualiteit en vryheid, en gee aan almal die geleentheid om deur harde werk en intelligensie hulle eie lot te verbeter. In die hart daarvan is die doelwitte van welvaart, vryheid, billikheid en die waardigheid van die individu. Die oorsprong van besigheid, en die beste model daarvoor, volgens Solomon, is die familie, aangesien besigheid eintlik oor menseverhoudings handel.

Apologetiese besigheidsetiek

Besigheidsetiek, gesien vanuit die apologetiese perspektief, is nie ’n aanval op besigheid nie, maar die eerste verdedigingslinie daarvan. Besigheidsetiek het die volgende funksies:

- dit herinner besigheidslui – verstrengel in die alledaagse besigheid van besigheid: profyt, strategie, oorlewing – aan die groter prentjie, dit wil sê, aan die etiese doelwitte van besigheid, die diens wat dit veronderstel is om aan die groter gemeenskap te verrig;
- dit korrigeer foute in die sisteem – óf reëls en gebruike wat teenproduktief is, gesien teen die groter prentjie, óf menslike dwaling wat ’n inherent goeie praktyk misbruik sonder inagneming van skadelike gevolge;
- dit dien as ’n middel tot ’n doel vir sukses in besigheid: etiese besigheid – dit wil sê, aanleerbare etiese beginsels en praktyke – lei tot langtermyn besigheidsukses.

Volgens Solomon is besigheid binne vryemarkkapitalisme inherent goed. Dit is die beste manier om mense uit armoede te red, en terselfdertyd verbeter dit lewenskwaliteit deur die behoeftes van individue te bevredig.

Hierdie verstaan van besigheid en besigheidsetiek is kortsigtig en gevaarlik. Dit ignoreer die maniere waarop die vryemark in sy laat-kapitalistiese en geglobaliseerde vorm vryheid en individualiteit inhibeer, eerder as bevorder. Dit ignoreer die feit dat behoeftes meer dikwels deur besighede geskep word, eerder as wat besigheid positief op die spontane behoeftes van vrye individue reageer. Dit ignoreer die mensverarmende effek van veralgemeende kommodifikasie, dit wil sê, ’n ekonomiese dringendheid om in elke moontlike sfeer van menslike bestaan verskynsels en belewenisse te omvorm tot verbruiksartikels. Dit ignoreer die groeiende gaping wat kompetisie en eiebelang in besigheid veroorsaak tussen ’n klein superryk klas, en ’n massiewe arm klas. Dit dien as ideologiese regverdiging van ’n toevallige, historiese en onregverdige samelewingsorganisering en dra sodoende by tot historiese sluiting – die onvermoë en onwilligheid vandag om enige sosiale of ekonomiese alternatiewe te oorweeg. In die verlengde van hierdie ekonomiese stelsel lê ’n besigheidsetiek van beperkte

nut. Besigheidsetiek is óf reeds deel van besigheid, óf dit dien as 'n soort supplement tot besigheid om toevallige menslike dwaling of foutiewe berekening reg te stel. Besigheidsetiek kan dus nie besigheid as sodanig uitdaag of die bestaande samelewing verander nie. Dit kan slegs voorstelle maak vir die (minimale) verbetering van dit wat ons reeds voor hande het.

'n Kritiese blik op besigheid

'n Kritiese verstaan van besigheid (teenoor 'n apologetiese verstaan) erken die bogenoemde foute van die vryemarksisteem. Verder beskou die kritikus hierdie probleme met kapitalisme nie as toevallige menslike foute nie, maar as die mees waarskynlikste nadraai van 'n sisteem gebaseer op kommodifisering ter wille van eiebelang. Indien die kritikus beïndruk is met 'n postmetafisiese woordeskat, dink hy/sy nie dat vryemarkkapitalisme korrespondeer tot 'n essensiële menslike natuur nie, of dat dit die eindbestemming verteenwoordig van 'n liniêre en progressiewe geskiedenis nie. Vryemarkkapitalisme, krities gesien, is 'n toevallige en historiese verskynsel, met geen noodwendigheidstatus nie. Daarom moet dit altyd oop wees vir hersiening of selfs radikale verandering. Boonop is daar geen "essensiële menslike natuur" waarmee 'n ekonomiese sisteem kan korrespondeer nie, maar slegs historiese en veranderlike selfverstane. Die postmetafisiese kritikus betreur daarom die feit dat vryemarkkapitalisme so verstewig is in die denke van ons tyd dat die grootste krisisse, die mees skokkende lyding, nie enige moontlikheid vir radikale verandering inhou nie. Hy/sy betreur die bewonderenswaardige vermoë van die laat-kapitalistiese sisteem om ditself te reproduseer. Sodanige kritikus doen dit, nie omdat hy/sy dink dat 'n alternatiewe sisteem beter sou "pas" by die mens nie, maar omdat hy/sy besef dat sosiale hoop en sosiale geregtigheid gesetel is in die vermenigvuldiging van alternatiewe, en omdat hy/sy oortuig is dat ons armer is omdat ons nie op verbeeldingryke wyse alternatiewe formuleer en mee eksperimenteer nie. Die feit word ook betreur dat besigheid 'n engin is wat luukse afval teen 'n sneller en sneller pas produseer, terwyl daar nie voorsien word in die basiese behoeftes van die grootste deel van die mensdom nie.

Na aanleiding van bogenoemde beskrywing lyk die postmetafisiese kritikus baie na 'n naïewe revolusionêr – 'n idealistiese, maar onskadelike hippie. Daarom moet 'n belangrike wanpersepsie uit die weg geruim word. Die postmetafisiese kritikus glo nie dat die antwoord in 'n sosialistiese revolusie lê nie. Terwyl gesimpatiseer word met die sosialistiese ideaal, is hy/sy goed daarvan bewus dat 'n politieke revolusie onwaarskynlik en riskant is. Hy/sy hoop daarom eerder op hermeneutiese revolusies (revolusies in die verstaan van onsself en ons eie verstaan van besigheid), en op 'n stuksgewyse hervorming van besigheid totdat ons dit eendag nie meer sal herken nie.

'n Kritiese verstaan van besigheid erken die foute van die vryemarksisteem as die nadraai van 'n sisteem gebaseer op kommodifisering ter wille van eiebelang.

Radikale besigheidsetiek

Dit impliseer dat die postmetafisiese kritikus nie besigheidsetiek sonder meer afskryf as 'n samesweerder, 'n deel van die probleem nie. Daar word wel geglo dat 'n apologetiese besigheidsetiek nie sosiale geregtigheid sal bevorder nie. Apologetiese besigheidsetiek sal miskien help om hier en daar bedrog te voorkom en om besigheidslui aan te moedig om deel te neem aan "korporatiewe sosiale verantwoordelikheids"-projekte. Uiteindelik sal dieselfde ou probleme, dieselfde klasseskeidings, dieselfde armoede en lyding egter bly voortleef.

Daarom hoop die postmetafisisese kritikus dat besigheidsetiek (ook) 'n radikale funksie sal vervul. Natuurlik moet besigheidsetici steeds die etiese doelwitte van

besigheid propageer, navorsing doen en strategieë ontwikkel om bedrog te bekamp en etiek in maatskappye te institusionaliseer via etiese risikobepalings, etiese kodes, etiekkantore en vertroulike rapporteringstelsels. Dosente in Besigheidsetiek moet steeds gevallestudies in klasse behandel, soos Richard Rorty aanbeveel, sodat potensiële besigheidslui hulle selfverstaan en hulle verstaan van besigheid so aanpas dat hulle meer verantwoordelik besigheid doen. Hierdie aktiwiteite is sinvol en prysenswaardig. Dit is egter nie genoeg nie.

Dosente in Besigheidsetiek moet potensiële besigheidslui begelei in hulle selfverstaan en hulle verstaan van besigheid sodat hulle meer verantwoordelik besigheid doen. Dit is egter nie genoeg nie.

Benewens die daaglikse aktiwiteite van normale besigheidsetiek wil die postmetafisiese kritikus ook sien dat besigheidsetiek 'n ruimte word waar die teenstrydighede inherent aan die standaardmodel van besigheid ontbloot word. Besigheidsetiek moet nie net op individuele vlak of op maatskappyvlak funksioneer nie, maar moet ook stoei met sistemiese- of makrovlakkwessies. Die besigheidsetikus kan bydra tot radikale sosiale verandering, nie deur 'n alternatiewe en ideale sisteem te skets nie, maar deur kritiese negatiwiteit – deur diagnoses wat die fatale foute van laat-kapitalisme uitwys. Daardeur raak dit meer waarskynlik dat alternatiewe self- en samelewingsverstane ons versteende denke binnedring. 'n Deel hiervan is die benutting van krisisse soos die globale finansiële krisis wat tans beleef word. Sulke krisisse verteenwoordig, wat Slavoj Žižek noem, handelinge, dit wil sê historiese gebeurtenisse wat oor die potensiaal beskik om 'n hermeneutiese revolusie aan die gang te sit, om mense te forseer om hulleself en hulle plek in die samelewing anders te begin verstaan. Hierdie handelinge moet egter geïdentifiseer word en 'n hermeneutiese revolusie moet gefasiliteer word. Die stem van besigheidsetici tydens hierdie krisis was duidelik té apologeties, of té sag. Kapitalisme is nie uitgedaag of op enige beduidende manier hervorm sodat dit oor tyd dalk radikaal anders mag lyk nie. Dit is bloot oor die vingers getik, en met reuse inspuitings verder op die vernietigende weg daarvan gestuur.

Die groot verskil tussen apologetiese en radikale besigheidsetiek is dus die gewilligheid om die toekoms oop te hou; om besigheidsetiek op so 'n manier te beoefen dat besigheid, en die samelewing daar rondom, radikaal kan verander, al gebeur hierdie verandering oor 'n lang tyd, via stuksgewyse hervorming; om nie sonder meer te aanvaar dat besigheid soos ons dit ken altyd die basis van ons samelewings sal en moet vorm nie; en om deur kritiese negatiwiteit, die identifisering van handelinge en die fasilitering van hermeneutiese revolusies, andersoortige en meer regverdige praktyke aan te moedig.

Die verskil tussen apologetiese en radikale besigheidsetiek is die gewilligheid om die toekoms oop te hou, en om deur kritiese negatiwiteit andersoortige en meer regverdige praktyke aan te moedig.

Die Buchan-verskynsel: hoe moet ons dit verstaan?

Amie van Wyk, Pretoria

Dit is duidelik dat die Skotse lekevangelis Angus Buchan die land aan die beweeg het, aan die praat en dink ook, en aan die bid.

Die massasaamtrekke by Greytown tydens die Mighty Men Konferensies spreek vir hulleself. In April 2009 het nie minder nie as 250 000 mense (hoofsaaklik mans) die konferensie bygewoon. Die byeenkoms in April 2010 was blykbaar die laaste saamtrek (waarom?) en hoewel die finale getal nooit genoem is nie, was daar sprake van 300 000 besoekers. Op Saterdag 19 Julie 2008 het 71 000 mense op Loftus Versfeld saamgetrek en tydens hierdie byeenkoms het Buchan opgemerk: "Herlewing gaan deur gesinne kom, nie deur die parlement nie. Dit kom deur die kombuisdeur."

Neels Jackson (*Beeld*, 11, 22 Jul. 2008) merk hierby op: "Loftus vir Jesus het vierkantig binne die charismatiese tradisie gestaan. Dit is uit 'n charismatiese kerk gereël en dis op 'n charismatiese manier gedoen". Dit is duidelik dat hierdie beweging niks meer as 'n *herlewingsbeweging* wil wees nie en nie op ('n nuwe) kerkstigting gemik is nie. In 'n gesprek met Jackson wys Buchan (*Beeld*, 11, 23 Jan. 2010) daarop dat sy motto in 1 Kronieke 11:10 staan: soos Dawid roep hy *dapper manne* om op te staan.

Angus Buchan het die land aan die praat en aan die bid.

Ek herinner my 'n soortgelyke byeenkoms wat – sover ek kan onthou – in die sestigerjare van die vorige eeu in Johannesburg (Wanderers?) plaasgevind het, deur Billy Graham toegespreek is en wat deur meer as 30 000 mense bygewoon is. Sy teks was Johannes 3:16: "So lief het God die wêreld gehad …".

Ná so 'n byeenkoms voel 'n mens dikwels verleë: daar is veel wat waardeer kan word en tog is daar ook bepaalde vrae wat bly hang. 'n Mens vra jou ook af of jy hoegenaamd oor sulke byeenkomste 'n oordeel mag uitspreek.

Die optredes van Buchan het tot dusver minstens vier reaksies opgeroep – totale afwysing, ingehoue kritiek, onvoorwaardelike aanprysing en ingehoue waardering.

Die optredes van Buchan het tot dusver minstens vier reaksies opgeroep – waaraan vervolgens aandag bestee word.

Standpunt een: totale afwysing

Uit die briewekolomme van dagblaaie is dit duidelik dat sommige mense die hele beweging bevraagteken en ook nie skroom om uiters negatiewe woorde te gebruik nie. Uitsprake soos die volgende word gemaak: dit is mense met 'n kinderagtige beeld van God; dit maak gebruik van 'n fundamentalistiese Skrifhantering; dit is 'n vertoning van 'n ortodokse maar uitgediende teologiese benadering (daar word selfs verwys na "aartappelteologie"); dit is sterk patriargaal gemotiveerd; dit rus op massapsigose; dit

vertoon tekens van populisme; dit is 'n vorm van sukses- en voorspoedsgodsdiens; dit is goedkoop godsdienstige propaganda; dit teer op neerdrukkende landsomstandighede; dit is gebore uit vrees en onsekerheid vir die onbekende toekoms; en dit getuig van 'n persoonlikheidskultus.

Van die Greytown-byeenkomste word gesê dat dit 'n vertoning van "magtige manlike chauvinisme" is; van 'n laertrekmentaliteit; "dis dieselfde groep wat vir dieselfde breindooie redes blindelings leiers se warredenasies en simplistiese propaganda gevolg het om hul seuns aan die grens op te offer" (Ockham, *Beeld/By*, 2, 10 Mei 2008).

Standpunt twee: ingehoue kritiek

Daar is ander mense wat nie sulke skerp kritiek soos hierbo uitspreek nie, maar tog bepaalde voorbehoude het ten opsigte van sulke herlewingsbewegings. Dr. Nico Smith verwys byvoorbeeld na herlewingsbewegings wat in die negentiende eeu in die NG Kerk plaasgevind het. Hy wys daarop dat "omdat dié herlewings slegs op persoonlike vernuwing van individue se geloof gekonsentreer het, het dit weinig invloed op die destydse samelewing uitgeoefen en uiteindelik in die dryfsand van die tyd verdwyn" (*Beeld/By*, 5, 24 Mei 2008). Hy beskou derhalwe die eenwording van die NGK-familie van bepalende betekenis vir die samelewing in Suid-Afrika.

Die styl van Buchan se boodskappe bestaan ook nie uit Skrifuiteensetting nie, maar uit persoonlike getuienis oor dit wat die Here in sy persoonlike lewe gedoen en vir hom beteken het.

In die agtiende eeu het die herlewingsbeweging van die Wesley-broers in Engeland uitgeloop op afsplitsing van die Metodiste Kerk uit die Anglikaanse Kerk, terwyl dié van Jonathan Edwards in Amerika (in dieselfde eeu) nie op kerkskeuring uitgeloop het nie en ook 'n meer (breë) gereformeerde karakter aangeneem het.

Standpunt drie: onvoorwaardelike aanprysing

Daar is baie mense wat die byeenkomste bygewoon het wat net die hoogste waardering vir die boodskap en vir die saamwees uitgespreek het. Volgens hulle was dit 'n besondere en verrykende lewenservaring wat hulle vir niks ter wêreld sou wou misloop nie. Baie het getuig dat hulle as nuwe en besielde mense daar weg is. Een koerantopskrif lui: "Man hou op drink ná Angus se preek; vrou los aanranding-saak (teen man)".

Blykbaar bestaan daar by baie gelowiges 'n diepgaande behoefte aan persoonlike en deurleefde spiritualiteit, vry van dorre intellektualisme, iets wat (volgens hulle) in die tradisionele kerke ontbreek. Die styl van Buchan se boodskappe bestaan ook nie uit Skrifuiteensetting nie, maar uit (persoonlike) getuienis oor dit wat die Here in sy persoonlike lewe gedoen en vir hom beteken het.

Standpunt vier: ingehoue waardering

Daar is 'n laaste groep wat wel waardering het vir die saamtrekke, maar nie sonder bepaalde reserwes nie.

In hierdie verband word byvoorbeeld daarop gewys dat die Ou-Testamentiese kerk ook groot saamtrekke geken het, waarvan Paasfees en Pinksterfees seker die bekendste is – elk met sy eie inhoud en liturgie.

Gesien vanuit 'n Nuwe-Testamentiese perspektief, vind hierdie feeste hulle vervulling in die koms van Jesus Christus en die Heilige Gees. Die goeie nuus wat oral verkondig moet word, is dít wat God in

Jesus Christus vir die wêreld kom doen het (Joh. 3:16). Daarom ook dat Paulus in Filippense 1:18 skryf dat hy hom altyd sal verbly solank Christus bekend gemaak word – op watter manier ook al. En niemand kan betwyfel dat Christus by die byeenkomste van Buchan verkondig word nie – al moet daar altyd onthou word dat die volle boodskap lui: *Jesus* is die *Christus* – en die *Here*.

Hierdie Christus het nie net tot individue uitgereik nie, maar ook tot massas; Hy het ook nie net sondes vergewe en bose geeste uitgedryf nie, maar ook siekes genees en dooies opgewek; Hy het 'n kerk opgeroep wat soos suurdeeg in die samelewing moes werk asook 'n lig daarvoor wees. Die kerk is daar ter wille van 'n groter doel, naamlik die koms van die koninkryk van God – 'n onderbeligte tema by Buchan. Die koms van die koninkryk van God is tog die hooftema van al die preke van Jesus, ja, dit is die sin van die ganse wêreldgeskiedenis.

Die koms van die koninkryk van God is die hooftema van al die preke van Jesus – dit is die sin van die ganse wêreldgeskiedenis.

Christus se lewe was gekenmerk deur eenvoud, armoede selfs, maar gevul met liefde vir God en mense, sódanig dat Hy sy lewe vir sy navolgers afgelê het. Hy het geen voorspoedsgodsdiens verkondig nie, maar eerder geleer: "as hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg" (Joh. 15:20; vgl. ook 2 Tim. 3:12).

Die kerk leef nie van groot byeenkomste nie. Die kerk leef (onder andere) daar waar gelowiges elke Sondag in 'n erediens saamkom. Kom daar nie elke Sondag 'n paar miljoen Christene in eredienste in ons land saam nie – getalle wat net vir die Here sigbaar is?

Die belangrikste kritiekpunte teen die Mighty Men Konferensie blyk die volgende te wees: die gevaar van 'n voorspoedsgodsdiens, van oordrewe patriargalisme, 'n eensydige wit beweging en 'n los-van-die-kerkbeweging.

Kritiese vrae

Die belangrikste kritiekpunte teen die Mighty Men Konferensie blyk die volgende te wees:

- Die gevaar van 'n voorspoedsgodsdiens – 'n verskynsel wat in 'n welvaartsamelewing, soos byvoorbeeld die VSA, 'n wesenlike gevaar vir die Christelike geloof inhou. Christus het nie rose en maanskyn vir sy navolgers belowe nie, maar 'n lewe van lyding. Christene moet dus waaksaam wees teen elke vorm van voorspoedsgodsdiens. Tekens daarvan is uitsprake soos: "omdat ek 'n Christen is, behoort dit altyd met my goed te gaan", of "as ek hard genoeg vir die Here werk, sal Hy my outomaties seën", of "as ek hard genoeg bid, sal die Here my genees". Die rolprent *Faith like potatoes* vertoon myns insiens duidelike tekens van so 'n voorspoedsgodsdiens.

- Die gevaar van 'n oordrewe patriargalisme, dit wil sê oordrewe klem op manlikheid en vaderlikheid ten koste van vroulikheid. Ek het by geleentheid 'n Christen-teoloog (van Indiese Moslem-afkoms) 'n lesing oor die teologie van Buchan hoor hou en haar konklusie was dat hierdie teologie met sy patriargale streep geweldige nadelige gevolge vir die (onderdrukte en benadeelde) Asiatiese en Afrika-vroue inhou.

- Die gevaar van 'n eensydige wit beweging. Die groot versoening wat in

Suid-Afrika voltrek moet word, is tussen wit en swart. Tot dusver is die Buchan-beweging 'n oorwegend wit beweging wat as sodanig geensins die diepste nood in die land aansny nie, naamlik harmonie tussen tussen wit en swart.

Indien ons as wit en swart mense, en in die besonder as wit en swart Christene mekaar nie vind en in harmonie saamleef nie, is die toekoms van ons land en die voortgang van die koninkryk baie donker. Daarom is die besluit van die GKSA se nasionale sinode in 2006 (en reeds ook al in 1964) ten opsigte van die eenheid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van so 'n groot betekenis. Dit sal dus 'n groot dag wees vir die realisering van die versoenings-boodskap in Suid-Afrika wanneer die NGK-familie verenig.

Aartsbiskop Desmond Tutu het by geleentheid opgemerk "that victory [Rugby World Cup 1995] did more [for unity and reconciliation] than any of my sermons". So iets moet tog eerder van die *kerk* van Christus gesê kan word as van *rugby*.

Die rolprent *Invictus* het 'n mens opnuut onder die hartseer indruk gebring dat sport (rugby) soms méér vir harmonie en versoening in die land doen as die kerk van Christus.

- Die probleem van 'n los-van-die-kerkbeweging. Hierdie beweging het sy verhouding tot "die kerk" nog nie duidelik geformuleer nie. Dit wil nie 'n kerk wees of word nie, nie doop of nagmaal bedien nie, nie lidmate afrokkel nie, maar net ondersteun en help. Tog word daar gepreek en dra die beweging sekere kerklike karaktertrekke. Daarom is talle kerke onseker hoe om op hierdie beweging te reageer.

Christus het 'n gemeente nagelaat waar die evangelie gehoor word, waar gedoop en nagmaal gevier word en waarbinne mense as broers en susters as familie van God kan saamleef. Die kerk/gemeente is die vaste struktuur wat Christus vir ons geskenk het waarbinne ons gelukkig kan lewe – en in vrede kan sterwe.

Bewegings kom en gaan, maar die kerk bly staan. Die vraag dring hom onvermydelik op: hoe volhoubaar is "bewegings"?

Samevattend

Die eerste standpunt lyk my na 'n oorreaksie en dit steun swaar op 'n rasionalistiese vertrekpunt. Die Buchan-beweging het die hiperkritiese teologie in Suid-Afrika in 'n ernstige oorlewingskrisis gedompel. Die tweede standpunt bring 'n belangrike aspek na vore. Die derde standpunt verreken nie die probleem-aspekte van die beweging voldoende nie. Die vierde standpunt is die genuanseerdste en ek vind persoonlik die meeste aanklank daarby. Dit het enersyds waardering vir wat deur die beweging gedoen word (Christus word verkondig), maar andersyds ook bepaalde voorbehoude vir eensydighede wat uitgesuiwer behoort te word.

(Hierdie artikel sluit aan by 'n artikel van die skrywer wat in "Die Kerkblad" van September 2008 verskyn het.)

WOORD & DAAD op die internet! /
WORD & ACTION on the internet!
http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html
Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:
UserID and password can be obtained from:
Erika.Otto@nwu.ac.za

Die Israel-Arabiese konflik: perspektief op die verlede en die hede

J.F. Kirsten, Potchefstroom

Met Barack Obama se inhuldiging as nuwe Amerikaanse president op 20 Januarie 2009, het die dinamiek van een van die ernstigste konflikte in die wêreld ook verander. Enersyds het demokratiese administrasies in Washington tradisioneel 'n ander benadering tot die Midde-Ooste gehad, en andersyds dui alles daarop dat President Obama, in terme van sy individuele andersheid as leier, 'n verskil kan maak in die diplomatieke wisselwerking met Israel en die Midde-Ooste in die algemeen. Dit alles moet natuurlik verstaan word binne die raamwerk van die feit dat die VSA 'n oorheersende invloed op hierdie streek uitoefen. 'n Hernude beoordeling van die realiteite verbonde aan die Midde-Oosterse konflik kan teen bogenoemde agtergrond insiggewend wees. In hierdie artikel word gepoog om kortliks na die historiese agtergrond en die huidige konflik-veroorsakende faktore te kyk.

'n Ou-ou konflik

Hierdie konflik word grootliks geassosieer met die staatwording van Israel in 1948 en die gevolge wat dit vir die oorspronklike inwoners van Palestina gehad het. Kenmerkend van die konflik is die hoë gekompliseerdheid daarvan, die betrokkenheid van 'n wye spektrum akteurs (nasionaal, regionaal en internasionaal), en die intense emosies wat daardeur ontketen word.

Die Israel-Arabiese dispuut is egter veel ouer as 1948 en vir meer as 'n eeu kom voortdurende politieke spanning en sporadiese geweld voor. Soos waarskynlik bekend, hou die stigting van Israel direk verband met die Sionistiese beweging en die ideale wat dit vir die Jode in die vooruitsig gestel het. Sionisme verwys na die beweging onder Europese Jode gedurende die laat negentiende eeu met die doel om 'n Joodse tuisland te skep. Die motivering vir die onstaan van Sionisme word algemeen toegeskryf aan die anti-semitisme wat veral in die genoemde tyd (maar ook lank voor dit) in Europa geheers het. Die probleem was egter dat die grondgebied waarop Israel na 1948 gevestig is deur die pan-Arabiese beweging as die land van die Palestynse Arabiere beskou is, ongeag wat hulle godsdiensoriëntasie was. Die Jode, daarenteen, het weer op historiese en godsdiensgronde op dieselfde grondgebied aanspraak gemaak.

Die pan-Arabiese beweging beskou die land waarop Israel na 1948 gevestig is as dié van die Palestynse Arabiere ongeag hulle godsdiens-oriëntasie. Die Jode maak op historiese en godsdiensgronde op dieselfde grondgebied aanspraak.

Daar word van 'n Palestynse vraagstuk gepraat, maar streng gesproke is dit eerder 'n Joodse vraagstuk wat tot 'n Palestynse vraagstuk aanleiding gegee het. Hoe kan so 'n stelling gemaak word? Die antwoord sluit aan by wat reeds gemeld is, naamlik dat Joodse nasionalisme en die grootskaalse vervolging van Jode in veral groter Europa en dele van Afrika gedurende die negentiende en

twintigste eeu daartoe gelei het dat politieke prosesse aan die gang gesit is wat uiteindelik tot gevolg gehad het dat groot getalle Jode ná 1917 na die grondgebied in die Midde-Ooste, bekend as Palestina, verhuis het. Toe Israel formeel as staat in 1948 gestig is, was daar reeds 800 000 Jode in die land teenwoordig, en tussen 1948 en 1972 het 'n verdere 600 000 Jode uit veral Noord-Afrika en Sirië na Israel getrek. Soos verwag kon word, het hierdie verwikkelings 'n baie negatiewe effek op die bestaande demografie van Palestina gehad deurdat groot getalle Palestynse Arabiere ontwortel is en veral vanweë die eerste oorlog tussen Jood en Arabier in 1948, vlugtelinge geword het.

Die Palestynse owerhede ag die terugkeer van vlugtelinge na hulle vóór-1948 tuistes in Israel as voorwaarde vir enige blywende skikking met Israel.

Net voor die oorlog in 1948, is sowat 720 000 Arabiere in Palestina na bewering deur hulle leiers aangemoedig om die land te verlaat met die belofte dat hulle spoedig sal kan terugkeer sodra Israel en die Jode militêr verslaan is. In 1950, twee jaar later, het sowat 900 000 Palestynse vlugtelinge (Arabiere) hulle in kampe in Libanon, Jordanië (en die Wesbank), Sirië en die Gaza-strook, bevind. Hierdie situasie is sedertdien onveranderd en verteenwoordig steeds een van die belangrikste brandpunte in die Israel-Palestynse konflik juis omdat die Palestynse owerhede die terugkeer van vlugtelinge na hulle vóór-1948 tuistes in Israel as voorwaarde ag vir enige blywende skikking met Israel.

Voortgesette pogings om Israel te vernietig

Na die aanvanklike oorlog van 1948 het verdere grootskaalse botsings tussen Israel en die Arabiese state in 1956, 1967 (die Sesdaagse Oorlog) en 1973 (Yom Kippur Oorlog) plaasgevind. Hierdie oorloë val almal in die kategorie van die groter Israel-Arabiese konflik, of wat oor die algemeen geassosieer was met die Midde-Ooste as 'n konflikgebied in internasionale politiek.

Tydens die Suez-kanaalkrisis (Oktober 1956) het Israel die Gaza-strook en die Sinai Skiereiland verower en beset. Laasgenoemde is in terme van 'n VN-skietstaking aan Egipte teruggegee waarna President Nasser 100 000 Egiptiese troepe daar ontplooi het. In hierdie proses is die Straat van Tiran weer vir Israelse skeepsverkeer gesluit, wat die streek in dieselfde toestand gedompel het as voor die 1956-blokkade van Israel.

In terme van die voortgesette kontemporêre konflik is veral die Sesdaagse Oorlog van 1967 baie belangrik. Die rede daarvoor is die feit dat Israel sy grondgebied tydens hierdie oorlog baie uitgebrei het ten einde sy geo-strategiese posisie *vis-à-vis* sy Arabiese vyande te verbeter. Tydens hierdie oorlog het Israel weer beheer verkry oor die Sinai Skiereiland, besit van die Gaza-strook herbevestig, die Wes-oewer van die Jordaanrivier in besit geneem asook Oos-Jerusalem en die Golan Hoogland in die suidweste van Sirië. Hierdie geografies-politieke situasie is vandag feitlik onveranderd en vorm die hart van die Palestynse vraagstuk. Dit geld veral in die sin dat 'n skikking tussen die Israelse regering en die Palestynse owerhede 'n terugkeer na die vóór-1967 grense in die streek veronderstel en dat Oos-Jerusalem aan die Palestyne as hoofsetel teruggegee word.

Hierna het die Yom Kippur oorlog van 1973 gevolg waarin Egipte en Sirië 'n verrassingsaanval op Israel geloods het en so byna daarin geslaag het om Israel militêr te verslaan. Die Camp David-vredesonderhandelings wat in die laat sewentigerjare gevolg het, het 'n suksesvolle vredesverdrag tussen Egipte en Israel bewerkstellig (1979) in terme waarvan die Sinai Skiereiland aan Egipte teruggebesorg is en Israel in besit van die Gaza-strook gebly het met die oog op die vestiging van 'n moontlike toekomstige Palestynse staat. Die ooreenkoms het ook voorsiening gemaak vir die vrye deurgang van Israelse skeepsverkeer deur die Suezkanaal en die erkenning van die Straat van

Tiran en die Golf van Aqaba as internasionale waterweë.

Net vyf jaar later (in Oktober 1994) het Israel en Jordanië ook 'n vredesooreenkoms onderteken. Alle vyandigheid is gestaak en wedersydse ekonomiese samewerking het gevolg. Hierdie vredesverdrag het ook die grondslag gelê vir pogings om vrede te bewerk tussen Israel en die Palestynse Bevrydingsbeweging (PBO) wat die Palestynse gesag verteenwoordig het.

Die Camp David-vredesonderhandelings in die laat sewentigerjare het 'n suksesvolle vredesverdrag tussen Egipte en Israel bewerkstellig. In Oktober 1994 het Israel en Jordanië ook 'n vredesooreenkoms onderteken.

Hiermee het die konflik wesenlik die karakter van 'n meer regionale dispuut verkry – dié tussen Israel en die Palestynse Arabiere. Laasgenoemde is sedert 1964 deur die PBO verteenwoordig, en sedert 2005 is die Palestyne in Gaza deur Hamas en in die Wesoewer deur die PBO verteenwoordig. Hamas is 'n Islamitiese Weerstandsbeweging wat terselfdertyd 'n sosio-politieke organisasie en 'n paramilitêre mag is. Sedert Junie 2007, na sy politieke oorwinning tydens die parlementêre verkiesings in die Palestynse gebiede, is Hamas die alleenregeerder van die Gaza-strook en ook die sterker party in die Wesoewergebied.

Die Palestynse Arabiere – die eintlike probleem van die konflik

Die Palestynse Arabiere het in Desember 1987 vir die eerste keer werklik gewys dat hulle 'n probleem is wat nie geïgnoreer sal kan word nie. Die eerste groot Palestynse *Intifada* (opstand) het uitgebreek teen Israel se bestuur van die Palestynse gebiede (die Gaza-strook, die Wesoewer en Oos-Jerusalem). In die daaropvolgende jaar (1988) het die PBO 'n reg tot deelname aan vredesonderhandelings verkry nadat hulle Israel as staat erken het en ingestem het om terrorisme as instrument van geweld te laat vaar. Dit het die weg voorberei vir die ondertekening van die Oslo-ooreenkoms in September 1993 waarin Israel die PBO erken het as die wettige verteenwoordiger van die Palestynse bevolking en waarin die PBO sy erkenning van Israel as staat en sy onderneming om nie langer van terrorisme teen Israel gebruik te maak nie, herbevestig het.

Die Oslo-ooreenkoms het wêreldwyd hoop laat opvlam dat die weg gebaan was vir 'n durende oplossing tussen Jood en Arabier. Veral Oslo II-ooreenkoms, wat in 1995 aanvaar is, het positiewe wegwysers gegee vir die daarstelling van 'n eie Palestynse staat wat in Gaza en die Wesoewer geskep sou kon word. Hierdie was die amptelike beginpunt van die moontlikheid van 'n twee-staat oplossing. Die kern van die Oslo-ooreenkoms was dat Israel geleidelik beheer oor die Palestynse gebiede aan die Palestynse gesag sou oorgee in ruil vir vrede. Die Oslo-proses het egter finaal skipbreuk gely met die sluipmoord op die Joodse Eerste Minister, Jitzak Rabin.

Die Oslo II-ooreenkoms wat in 1995 aanvaar is, het positiewe wegwysers gegee vir die daarstelling van 'n eie Palestynse staat wat in Gaza en die Wesoewer geskep sou kon word. Die Oslo-proses het egter skipbreuk gely met die sluipmoord op die Joodse Eerste Minister, Jitzak Rabin.

Sedert 1995 kon opeenvolgende Israelse regerings nie daarin slaag om die ideaal van ’n volwaardige Palestynse staat te realiseer nie. Terselfdertyd het radikale faksies in die PBO nooit die bepalings van die Oslo-ooreenkoms (spesifiek die Oslo-deklarasie van Beginsels) werklik aanvaar nie. Dit het die groeibodem verskaf vir die stigting van Hamas as radikale opposisie vir die PBO, die uitbreek van die tweede Palestynse (al-Aqsa) *Intifada* wat gedurende 2000-2002 weer tot grootskaalse geweld en bloedvergieting gelei het.

Nog pogings om die vrede te bewerk

Die volgende belangrike vredesonderhandelings het in 2000 in die vorm van President Bill Clinton se Camp David-leiersberaad tussen die Palestynse President, Yasser Arafat, en die Israelse Eerste Minister, Ehud Barak, plaasgevind. Hierdie poging het egter ook misluk nadat President Arafat verreikende en rojale toegewings en voorstelle van Barak verwerp het.

Die sogenaamde Padkaart vir Vrede wat deur die Kwartet van die Europese Unie, die VN, Rusland en die VSA in September 2002 voorgestel is, het ook sonder sukses geëindig omdat Israel nie die bepalings daarvan gesteun het nie en geëis het dat veertien spesifieke vereistes eers nagekom moes word. Die Palestynse gesag was op sy beurt nie hiervoor te vinde nie en sodoende het die Padkaart ook misluk.

In terme van formele vredespogings wat die lig gesien het in ’n poging om die Israel/Palestynse-konflik by te lê, moet ook melding gemaak word van ’n Arabiese vredesinisiatief wat in Maart 2002 by ’n leiersberaad in Beiroet (Libanon) die lig gesien het. Hierdie inisiatief en die bepalings daarin is, interessant genoeg, in 2007 weer by ’n Arabiese leiersberaad in Riyadh (Saoedi-Arabië) herbevestig. Hierdie vredesinisiatief het die eenparige steun van al die lede van die Arabiese Bond geniet, insluitende Hamas en Fatah (die Palestynse Party wat die Palestynse gesag in die Wesoewer beheer). Die inisiatief het finale grense uitgespel wat daarop gemik was om die situasie te herstel wat vóór die Sesdaagse Oorlog bestaan het en wat spesifiek ook destyds deur die VN voorgestel was.

’n Historiese terugblik wys duidelik dat Israel hier ’n gulde geleentheid om ’n skikking met sy vyande te bewerkstellig, verlore laat gaan het. Die Arabiese inisiatief het naamlik ’n volle normalisering van betrekkings met Israel aangebied in ruil waarvoor laasgenoemde gevra is om sy magte uit al die besette gebiede te onttrek, insluitende die Golan Hoogland, en om ’n onafhanklike Palestynse staat in Gaza en die Wesoewer te erken met Oos-Jerusalem as hoofstad, sowel as die aanvaarding van ’n regverdige oplossing vir die Palestynse vlugtelinge. Israel het die voorstel verwerp, wat bloot beteken het dat die oorspronklike struikelblokke in die weg van ’n skikking steeds teenwoordig was en is.

Obstruksies in die weg van vrede

Vervolgens word kortliks stilgestaan by die ter sprake kernvraagstukke waaroor die konflik tussen Israel en die Palestynse Arabiere en die Arabiese state gaan, naamlik Jerusalem, die Palestynse vlugtelinge, Israelse nedersettings in die Wesoewer, en Israel se vrese oor sy nasionale veiligheid. Natuurlik is daar meer kwessies ter sprake, maar wesenlik hou almal verband met die genoemde vier hoofstruikelblokke.

- **Die Jerusalem-kwessie**

Israel en die Palestynse gesag maak albei aanspraak op die stad en motiveer dit op historiese en godsdienstige gronde. Die drie groot wêreldgodsdienste, naamlik die Judaïsme, die Islam en die Christendom, is hier ter sprake. Die Israelse standpunt is dat die stad nie verdeel moet word nie en as ’n eenheid onder Israelse politieke beheer moet bly.

Die Palestyne, op hulle beurt, maak nie aanspraak op die hele stad nie. Hulle eis slegs daardie dele van Jerusalem wat nie deel van Israel was vóór die Sesdaagse Oorlog (Junie 1967) nie. In 2007 het Jerusalem ’n bevolking van 747 600 gehad wat

verspreid oor die hele stadsgebied van 125 vierkante kilometer gewoon het. Hiervan was 470 000 Jode (64%) wat hoofsaaklik in die weste van die stad woon en 250 000 Moslems (32%) wat meestal in die oostelike stadsgebiede woonagtig is.

Die Israelse regering, insluitende die Knesset en die Hooggeregshof, is in die nuwe stad van Wes-Jerusalem gesetel. Dit is die geval sedert 1948. Ná die Sesdaagse Oorlog van 1967 het Israel ook volledige administratiewe beheer van Oos-Jerusalem oorgeneem.

- **Palestynse vlugtelinge**

Die definisie waarmee gewerk word wanneer van Palestynse vlugtelinge gepraat word, is dié van die VN se *Relief and Works Agency for Palestinian Refugees in the Near East* (UNRWA):

> A Palestinian refugee is a person whose normal place of residence was Palestine between June 1946 and May 1948, and who lost both their homes and means of livelihood as a result of the 1948 Arab-Israeli conflict.

Israel is nie geneë om groot getalle vlugtelinge in sy land terug te ontvang nie, omdat hy bang is vir 'n getalle-oorwig asook vir potensiële politieke onrus en onstabiliteit wat dit kan meebring.

Nie minder nie as 711 000 Palestyne het uit Palestina gevlug met die ontstaan van Israel as staat in 1948. Die nageslag van hierdie oorspronklike vlugtelinge kwalifiseer ook vir vlugtelingstatus en kom tans te staan op sowat 4,6 miljoen. Die Palestynse gesag se eis dat hierdie vlugtelinge 'n reg tot die terugkeer na hulle woonplekke van vóór 1948 en 1967 het, is hier die probleem. Israel is nie geneë om hierdie groot getalle vlugtelinge sommer so in sy land terug te ontvang nie, omdat hy bang is vir 'n getalle-oorwig asook vir die potensiële politieke onrus en onstabiliteit wat dit kan meebring.

- **Israelse (Joodse) nedersettings in die Wesbank**

Hierdie nedersettings is die tuiste van ongeveer 400 000 mense en is die resultaat van die hervestiging (deur die Israelse regering) van gemeenskappe wat in 1929 en 1948 vernietig is sowel as die vestiging van talle nuwe nedersettings in die Wesoewer. Die meeste van die nedersettings is in die westelike deel van die Wesoewer, terwyl ander diep in Palestynse gebied geleë is.

Die vraagstuk van Joodse nedersettings in die Wesoewer, en tot 2005 ook in die Gaza-strook, word as 'n struikelblok in die weg van vrede deur die internasionale gemeenskap beskryf. In Oktober 2009 het president Obama weer hierna verwys as iets wat ongedaan gemaak moet word en ook dat geen nuwe nedersettings deur die Israelse regering in die Wesoewer gebou mag word nie. Die nedersettings word in terme van die internasionale reg as onwettig bestempel en is spesifiek deur die VN-Veiligheidsraad in verskeie resolusies beskryf as 'n skending van die vierde Geneefse Konvensie. Die beswaar van Palestynse kant is dat die nedersettings hulpbronne onregmatig verdeel wat die Palestynse dorpe baie nodig het (bewerkbare grond en veral ook water) en dat dit Palestynse mobiliteit beperk en vryheid van beweging aan bande lê.

Soos bekend, het Israel in 2005/2006 heeltemal aan die Gaza-strook onttrek. Alle Joodse inwoners is ontruim en residensiële geboue is daarmee saam vernietig. Dieselfde drastiese stappe is nog nie in die geval van die Wesoewer van stapel gestuur nie. Die Israelse amptelike standpunt is dat hy veral om veiligheidsredes nie sy optrede hier sommer so kan herhaal nie, terwyl daar ook in sekere gevalle sterk argumente is dat sekere nedersettings in die Wesoewer wel wettig is.

- **Israelse vrese oor nasionale veiligheid**

Veral sedert 1967 was Palestynse politieke geweld (terreurdade) deurlopend 'n groot probleem vir Israel. Die VSA, Israel

self en die Europese Unie verwys na hierdie geweld teen Israel deur Palestynse militantes as terrorisme. Die motivering agter Palestynse geweld teen Israelse burgerlikes is veelvuldig en kompleks, en verskillende Palestynse groeperings verskil ook onder mekaar daaroor. Tog is daar een groot gemeenskaplike motief en ooreenkoms, naamlik dat hulle die Joodse staat Israel wil vervang met 'n Palestynse Arabiese staat. Die prominentste Islamitiese groepe, soos Hamas, beskou die Israel-Palestynse konflik as 'n religieuse *Jihad.*

Die bedreiging van *Qassam*-vuurpyle wat vanuit die Palestynse gebiede op Israel afgevuur word, verteenwoordig 'n groot bedreiging, soos gedemonstreer in 2006 (die jaar nadat uit Gaza onttrek is) toe 1 725 sulke vuurpyle Israel getref het. Hierdie kommer oor veiligheid hang saam met Israel se geografies-strategiese kwesbaarheid en vrese in hierdie verband. Hoe met hierdie bedreiging gehandel moet word, bly een van die belangrikste debatte in Israel.

Gevolgtrekking

Wanneer die konflik-deurdrenkte geskiedenis van die Israel-Arabiese-verhouding oorweeg word, en gegewe die uiters problematiese struikelblokke in die weg van vrede, kan moeilik verskil word van die onlangse uitspraak van 'n Joodse Rabbi:

> It's all illusions ... there was never peace, there is no peace and there will not be peace.

Dit kan nie ontken word dat die hele konflik tans weereens 'n nuwe fase betree het nie. Die rede daarvoor staan in verband met die voortgesette globalisering wat wêreldwyd voortgaan, die bewindsoorname van die Obama-administrasie in Washington en dié se benadering tot die Midde-Oosterse konflik, die verswakking van Irak en die opkoms van Iran as streeksmoondheid, asook die groeiende invloed van Rusland en Sjina in die politiek van die Midde-Ooste.

Miskien die belangrikste punt is die Obama-administrasie se benadering tot die Israel-Palestynse dispuut. President Obama het beklemtoon dat die pad na vrede in 'n twee-staatbenadering gesetel is en die beëindiging van Joodse nedersettings in die besette gebiede. Dit op sigself is niks nuuts nie, maar dit is beleidsuitgangspunte wat in totaal nuwe omstandighede staan. Die VSA erken ook deelname aan die vredesproses deur Hamas sonder om hom as militante beweging te dreig of ongekwalifiseerd te beskryf as 'n terreurorganisasie. So 'n benadering deur die VSA skep sonder twyfel ruimte vir hernude pogings om 'n moontlike suksesvolle vredesproses aan die gang te kry.

Die eis van die kant van die VSA en die res van die internasionale gemeenskap aan Israel is duidelik: stop die uitbreiding van Joodse nedersettings, aanvaar 'n twee-staatoplossing om Israel en 'n onafhanklike Palestynse staat in 'n posisie te plaas om vreedsaam langs mekaar te bestaan, en hervat die vredesamesprekings met die Palestyne om hierdie doelwit suksesvol te bereik.

Die eis van die VSA en die internasionale gemeenskap aan Israel is: stop die uitbreiding van Joodse nedersettings, 'n twee-staatoplossing en hervat die vredesamesprekings met die Palestyne om hierdie doelwit suksesvol te bereik.

Hierdie eis klink eenvoudig, maar gaan plaas dit in die historiese en religieuse konteks van die Midde-Ooste wat kortliks hier verhaal is, dan is dit dadelik 'n perd van 'n ander kleur. Is die Rabbi dalk reg dat dit alles maar net illusies is? Alles in ag genome, kan moeilik met hom verskil word. Die Goldstone-verslag van 2009 wat oor die Israelse inval in Gaza en die menseregteskendings wat toe plaasgevind het, handel, demonstreer ook die problematiek waarmee die onderskeie partye te kampe het baie duidelik.

Kortom, die feit dat daar in die tweede jaar van die Obama-administrasie steeds geen omvattende nuwe vredesinisiatiewe van stapel gestuur is nie, wys ook op die byna skaakmatsituasie waarin die konflik tans verkeer. Die huidige koalisieregering in Israel onder leiding van die konserwatiewe Liqoedparty van mnr. Netanyahu, het ook reeds verskeie kere gewys dat moeilik en baie langsaam gevorder sal word met enige nuwe vredespogings. Dus, die einde van hierdie wêreldomvattende konflik in die Midde-Ooste is lank nie in sig nie. Dit moet verwag word dat terreur en reaksionêre geweld mekaar steeds in komende jare daar gaan afspeel. Dit is net 'n vraag of die konflik soos in die verlede beperk gehou sal kan word ten einde te keer dat 'n militêre botsing tussen die groot moondhede van die wêreld ontketen word.

Farrar, Steve. 2010. **'n Man na God se beeld.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 223 p. Prys: R99,95. ISBN: 978-1-77000-799-4.

Resensent: *P. Venter*
Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Die titel en beskrywing van die boek op die voorblad is ietwat misleidend, want eintlik handel die boek oor die voorsienigheid van God en die rol wat dit in die lewe van Josef gespeel het. Die boek is 'n baie goeie beskrywing van God se voorsienigheid uit die oogpunt van 'n mens wat worstel oor die lewe en alles wat met jou gebeur. Die skrywer slaag daarin om die onbegryplikheid van God se voorsieningheid uit verskillende oogpunte te beskryf en die leser tot dieper insig en geloof in God se voorsienigheid te lei. Die eerste hoofstuk se tema vat dit mooi saam: "God is aan die werk ... vreemd en stadig".

Die voorsienigheid van God word verduidelik aan die hand van Josef se lewe. Onderwerpe soos God wat in beheer is van verwoestende verliese, van alle gebeure, van alle opdragte en van ernstige terugslae word empaties hanteer en Skrifgetrou aangebied.

Die leser word ook bemoedig met hoofstukke wat handel oor God wat in beheer is van verpletterde hoop, van uitgerekte seisoene van wag. Insiggewende hoofstukke handel oor God wat in beheer is van natuurrampe en selfs van verhogings en bevorderings in werksverband. In die laaste hoofstuk word al die argumente saamgevat en troosvol bymekaar geplaas met die tema "Hy is in beheer van elke gebeurtenis in jou lewe en Hy sal dit ten goede laat meewerk". Die boek sluit af met besprekingsvrae vir die individu of vir Bybelstudiegroepe oor al elf hoofstukke.

Die skrywer doen baie moeite om die Skrif deurgaans as begronding vir sy argumente en beskrywings te gebruik. Hierdie gebondenheid aan die Skrif maak dit vir die leser ook maklik om die belangrikste Skrifgedeeltes self te bestudeer en die argumente daaraan te toets. Op hierdie wyse werk die leser uiteindelik met die Skrif self. Dit is duidelik dat die skrywer die onderwerp baie deeglik bestudeer en wyd gelees het, want hy maak ruim gebruik van verwysings na en aanhalings uit erkende skrywers in Amerika, Engeland en Europa soos dit uit die bronnelys blyk.

Die boek word ten sterkste aanbeveel vir jong en ervare gelowiges, maar veral vir gelowiges wat deur beproewings worstel en vrae vra oor die hoekom en waarom van God se optrede in ons lewe. Bybelstudiegroepe en kleingroepe sal ook baie nuttig van die boek gebruik kan maak as riglyn vir Bybelstudie oor God se voorsienigheid.

Onbeskaamd Christelik: 'n grondwetlike mandaat vir die Christengelowige skoolkind

I.J. Oosthuizen
Skool vir Opvoedkunde,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die eertydse Amerikaanse president, Thomas Jefferson, het gesê dat geloofsvryheid die mees onvervreembare en heiligste van alle menseregte is. Die geloofslewe van die gelowige is ten diepste gewortel in elke aspek van sy menswees. Sy/haar hele lewe wentel onvervreembaar in die lig van Sy lig. Dit maak deel uit van elke gelowige se denkwyse, gewoontes en emosionele welstand. In ooreenstemming hiermee is die opvoeding van die gelowige se kind onlosmaaklik ingebed in die ewigheidsperspektief van sy Maker. Trouens, die ryping van sy kind buite die gebaande weë van die Here, is vir die gelowige Christen ondenkbaar.

Die geloofslewe van die gelowige is ten diepste gewortel in elke aspek van sy menswees.

Dit is vir die gelowige ouer 'n primêre taak om die kind in die ligglans van die Here groot te maak. Die onderwyser as 'n sekondêre opvoeder van die leerlinge is by die skool besig met onderrig ten einde hulle kundig te slyp met kennis en vaardigheid met die oog op 'n toekomstige beroep. Die skool se taak is egter nie net op onderwys gerig nie, maar vervul as verlengstuk van die ouerhuis ook 'n opvoedende rol. Dit is binne hierdie raamwerk waar die geestelike vorming van die kind bevestig behoort te word. Vir vele ander wat buite die dampkring van die geloofsoortuiging staan, kan die skool se taak moontlik grootliks tot onderrig van kennis en vaardighede beperk word sonder dat die geestelike enige aandag geniet – maar nie vir die Christen nie.

Die doel van die artikel

Die doel van hierdie artikel is om binne die rekwydte van die juridiese, die skool se rol by die kind se godsdiensuitlewing in die skoolomgewing uit te spel en nie soseer om die rol van die ouer as primêre opvoeder van die kind by die huis te analiseer nie. Die grondwetlike benadering tot godsdiensbeoefening wentel rondom die sambreelterme *godsdiensvryheid*, *-gelykheid* en *-gelykwaardigheid*.

Godsdiensvryheid, -gelykheid en -gelykwaardigheid

Artikel 15 van die Grondwet maak uitdruklik voorsiening daarvoor dat elkeen die reg het op godsdiensvryheid. 'n Blote semantiese ontleding van die woord *godsdiensvryheid* vertel eintlik die hele verhaal: dit beteken inderdaad dat die gelowige vry is om ongehinderd te glo en vry is om dit ongehinderd uit te leef (of vir die nie-gelowige om nie te glo nie). Hierdie uitgangspunt sluit beslis nie die skool uit nie.

Aan die ander kant beteken dit egter ook dat daar by die openbare skool terselfdertyd sonder diskriminasie, gelykberegtigend met die verskil in sienswyses, opinies en gelowige oortuigings omgegaan

behoort te word. Hoewel die onderskeie godsdienste dus gelyk is in die oë van die reg, het dit subjektief gesproke – soos deur die bril van 'n besondere gelowige gesien – egter nie noodwendig ewe veel waarde nie. Die Christelike geloof hou vir die Christen 'n heel ander waarde in as byvoorbeeld die Joodse geloof of die Moslemgeloof. Dit is natuurlik andersom ook ewe waar. Gesien vanuit die hoek van geloofsvryheid hoef die diversiteit en eiesoortigheid van elke besondere geloofsoortuiging dus nie afgewater te word nie.

Gesien vanuit die hoek van geloofsvryheid hoef die diversiteit en eiesoortigheid van elke besondere geloofsoortuiging nie afgewater te word nie.

Hierdie benadering tot godsdiensuitlewing in Suid-Afrikaanse skole verskil lynreg met wat in die VSA gevolg word. In die VSA is 'n skeiding tussen staat en kerk wat impliseer dat godsdiens nie in staat en staatsondersteunde inrigtings beoefen mag word nie. Anders as in die geval van die Amerikaanse grondwetlike bedeling, moet die Suid-Afrikaanse staat ruimte skep vir die gelowiges (en die ongelowiges) om vrylik hulle oortuigings uit te leef in staat- en staatsondersteunde inrigtings soos byvoorbeeld skole; volle ruimte moet gelaat word om te glo of nie te glo nie; om oortuigings met ander te deel of nie te deel nie. Die Grondwethof se uitspraak in *Staat v Lawrence* in 1997, het bevestig dat godsdiensvryheid aan elkeen die keusevryheid van geloof gee sowel as die reg om geloof openlik te verklaar sonder vrees vir vergelding of verhindering. Voorts is dit duidelik dat dit ook die reg behels om jou geloof uit te leef deur aanbidding of beoefening daarvan. Dit impliseer dat die gelowige kind nie 'n stilswyende geheime agent hoef te wees nie – nie by die huis nie, nie op straat nie en ook nie by die skool nie.

Die hofsake, *Christian Education South Africa v die Minister van Onderwys* sowel as die *Wittmann v Deutscher Schulverein* van 1998 het ook hierdie uitganspunt bevestig dat die gelowige kind die reg het om sy/haar geloof in staat- en staatsondersteunde inrigtings uit te leef, te bely en te beoefen en ook die reg het om dit te bely. Hoewel 'n mens aanvaar dat die onderwyser dit met omsigtigheid behoort te hanteer, is ook die onderwyser as individu uiteraard nie van hierdie reg uitgesluit nie.

Met betrekking tot die openbare skool en die skoolomgewing, impliseer dit dus dat die Christengelowiges hulle geloof met die grootste vrymoedigheid kan uitleef. Dit behels onder andere ook dat gelowiges byvoorbeeld gesamentlike godsdiensbeoefening in die skoolsaal op 'n Maandagoggend kan hê; dat gesamentlike Skriflesing en gebed elke oggend (of bepaalde oggende) voor skool kan plaasvind; dat elke skooldag afgesluit kan word met 'n gebed oor die skool se interkom, of deur elke individuele onderwyser. Daar is wel 'n paar riglyne waaraan sodanige godsdiensbeoefening by openbare skole moet voldoen:

- Die geleenthede wat vir godsdiensbeoefening geskep word moet vrywillig wees: geen leerling of onderwyser mag dus gedwing word om dit by die woon of daaraan deel te neem nie. Dit sou gevolglik kon impliseer dat 'n leerder wat dit so verkies, verskoon kan word van skoolopening in die oggend en/of klasafsluiting met gebed aan die einde van die skooldag.

- Hoewel daar, soos hierbo genoem word, ruim voorsiening gemaak word vir die differensiasie en diversiteit van geloofsoortuigings en die vrye uitlewing daarvan, mag daar nie onbillik teen ander gelowe gediskrimineer word nie. Chris Jones van Stellenbosch het onlangs in *Beeld* geskryf dat dit onder andere behels dat 'n meerderheidsgroep van 'n bepaalde geloofsoortuiging nie teen 'n minderheidsgroep op enige manier mag diskrimineer nie – almal moet 'n billike geleentheid gegun word om hulle geloofsoortuigings in 'n skool vrylik uit te leef.

Dit moet dus op 'n billike grondslag geskied, oftewel gelyk beregtig word. 'n Billike grondslag beteken egter nie dat "roereier" of neutrale gebede gebid hoef te word sodat niemand aanstoot neem nie. Jones is van mening dat dit op sigself as diskriminerend ervaar sou kon word. Billikheid beteken 'n eweredige verspreiding van geleenthede vir godsdiensbeoefeninge – 'n eweredige verdeling van tyd en ruimte tussen die verskillende godsdienste, ongeag hoeveel leerders aan watter godsdiens behoort.

Billikheid beteken geleenthede vir godsdiensbeoefeninge met 'n eweredige verdeling van tyd en ruimte tussen die verskillende godsdienste, ongeag hoeveel leerders aan watter godsdiens behoort.

- Godsdiensbeoefening moet by 'n staat- of staatsondersteunde inrigting plaasvind aan die hand van die reëls wat deur die toepaslike openbare gesag gemaak is. Dit is eerstens van belang om hier te verstaan dat die openbare skool 'n staatsondersteunde inrigting is omdat dit finansieel deur die staat ondersteun word. Tweedens is dit belangrik om daarop te let dat die toepaslike openbare gesag by 'n openbare skool die beheerliggaam van die besondere skool behels. Dit impliseer dus dat die beheerliggaam van 'n openbare skool by magte is om, met inagneming van die beskerming van minderheidsgroepe in die geloof, reëls uit te vaardig waarvolgens godsdiens in die skoolsaal (of elders) beoefen behoort te word.

Benewens die kwessie van godsdiensbeoefening is daar ook nog die beheerliggaam se bevoegdheid om, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 'n missiestelling vir die skool op te stel. So 'n missiestelling, oftewel "die somtotaal van 'n organisasie se doelstellings" volgens die HAT, omvat inderwaarheid die grondtoon van 'n skool. As 'n mens in gedagte hou dat 'n beheerliggaam 'n wettig-verkose, demokratiese mondstuk van die ouergemeenskap is, is daar niks wat 'n beheerliggaam verhinder om die skoolmissie Christelik te klee nie. Dit is egter van wesenlike belang dat die beheerliggaam steeds die beskerming van minderheidsregte in gedagte moet hou. Dit sou byvoorbeeld impliseer dat die minderheidsregte van byvoorbeeld 'n klein groepie Joodse gelowiges nie binne 'n andersoortige skoolgemeenskap verdring behoort te word nie.

Alles in ag genome, impliseer dit dat die Christenleerders by hulle skole die reg het om hulle godsdiens met vryheid, ten volle uit te leef: om te bid, Bybel te lees en te getuig van hulle Skepper sonder enige vrees vir teenstand – solank hulle net nie in hulle handel en wandel onbillik teen andersdenkendes diskrimineer nie. Daarbenewens het skole die vryheid om die Christelike godsdiens (met inagneming van die enkele voorwaardes soos hierbo genoem) vrylik in die skoolsaal en/of elders op die skoolterrein toe te laat.

Mag ons dan op hierdie wyse altyd waarlik vry wees soos die Here dit vir ons in sy Woord bedoel het: vry in die lig van sy lig – ons en ons kinders en almal wat daar ver is.

Reformational organisations for labour relations

R. Coletto
School for Philosophy, Potchefstroom Campus,
North-West University

The rich and the poor meet together:
the Lord is the creator of them both.
(Prov. 22:2.)

Background

In a previous short article I have mentioned a few organisations dealing with politics on the basis of a Christian-reformational program. The opportunity is now available to see whether similar organisations have been established to deal with labour issues.

A classical definition states that labour (or trade) unions are organisations of workers (and union leaders) aiming at negotiating wages and working conditions with the employer. Unions also raise demands and settle grievances in favour of their members. Without mentioning the many types of unions, the different policies and the eventual links with political parties, we can notice that the first union-like societies date back to the Middle Ages. Modern unions emerged for the first time in Europe and became important during the Industrial Revolution, when the workers' power of negotiation was rapidly declining.

At the beginning of the twentieth century important writings were delivered to encourage the Christian communities to take more seriously their contribution to and involvement in socio-cultural issues.

At the beginning of the twentieth century both in reformed and in catholic circles important writings were delivered to encourage the Christian communities to take more seriously their contribution to and involvement in socio-cultural issues. For the catholic part, one should mention the encyclical letter *Humani Generis* by Pope Leo XIII. On the reformed front, an important text was Abraham Kuyper's *Lectures on Calvinism*. It was in that context and time that the first Christian unions were organised in the Netherlands. Before coming to these, I would, however, like to begin from the Canadian experience. Just like in the previous article, I limit my focus to the neo-Calvinist or reformational organisations.

Canada: the CLAC

- **The beginnings**

The life of the Christian Labour Association of Canada (CLAC) is an example of what it means to persevere in the midst of opposition. The CLAC was founded in 1952 mainly by immigrants from Europe, who were used to a consolidated system of trade unions. The first opposition to the idea of a Christian union came from the Christian ranks: opposition from the Evangelicals who did not want too much involvement in worldly affairs; opposition from Liberals who regarded the union as divisive of the workers' common good; opposition from other groups who were allergic both to the biblical revelation and

the creational order as sources of normativity.

But the CLAC wanted to be a Christian voice in the field of labour relations and eventually it managed to get established. In 1954, it sought to get legal recognition from the Ontario Labour Relations Board. This time the opposition came from the magistrates: the first application was rejected on the basis that a Christian union was discriminatory on the basis of creed. In fact, its constitution spoke of Christian (social) principles as the foundation of the union's policies. A few other attempts at getting recognition failed during the 1950s.

In 1957, out of discouragement, some of the members started suggesting that the Christian character of the CLAC should be dropped, but the idea was resisted. Instead, it was decided to appeal to the Ontario Supreme Court. Their perseverance was rewarded in 1963. Chief Justice J.C. Mc Ruer ruled that the Labour Relations Board was wrong in denying certification to the CLAC. In Mc Ruer's words, that decision would have implied:

> ... that a union that requires no ethical or moral standards and opens its meetings by reading from Karl Marx and singing the Red International might be certified, but one that permits the practices here in question could not be.

Incidentally, Justice McRuer noticed that the Labour Relations Board had declared the opening of a union meeting with prayer to be unlawful, while the law concerned was passed during a session of Parliament which had been opened with prayer! He concluded that the intention of the legislation was not fairly reflected in the previous ruling of the Labour Relations Board.

- **The context and the principles**

Thus CLAC started its adventure, knowing very well that being a Christian union entailed much more than opening its meetings with a hymn or a prayer. CLAC's Christianity was busy with the content, not only with the form. The Canadian labour scene was a world dominated by democratic unions, so democratic that they immediately provided the next opposition front to the young organisation. The legal framework of Canada is always keen to protect the right of association, except when it comes to unions. In this case the workers are compelled to join the union which obtains the majority of subscriptions (in some cases as little as 15%). We will return on this issue below.

The biblical principles underlying CLAC's view of man and labour centered around pubic justice, stewardship, sphere sovereignty, confessional and structural pluralism.

The biblical principles underlying CLAC's view of man and labour centred around public justice, stewardship, sphere sovereignty, confessional and structural pluralism. This inspired a model for action which differed from the class-struggle model. It also differed from what CLAC defines as the *adversarial system*, in which workers and employers are forever engaged in a struggle over the economic pie. The CLAC-model opposes also the economicist view that work is basically a necessary evil and its sole purpose is the maximisation of wages or profits. The CLAC promotes a model in which workers must be given responsibility and be recognised as partners of the enterprise having a say on how it should be run. Without such responsibility, it is argued, one cannot speak of a real work-community. In addition, the CLAC preferred negotiation to strike and favoured pluralism among trade unions.

North American trade-unions have never enjoyed great popularity and they represent only some 20% to 35% of the workers. In Canada each company is obliged by law to deal with the union that signs up the majority of its employees. The policy is known as closed shops: the workers too have to join the majority-union

or face enormous challenges. Sometimes workers must choose a certain union as a condition for employment.

In opposition to this system, wherever the CLAC obtains the majority of supporters, it does not accept subscription fees from the members of other unions (until now a unilateral decision). Although such payments are received (to avoid allegations of creating the so-called free ride problem) the CLAC negotiates to devolve such revenues to some help-organisation chosen by the worker.

According to the CLAC, the adversarial system has turned collective bargaining into a reductionist power-struggle over economic issues. In this situation Canadian trade unionists preach workers' solidarity mainly in terms of a united front against the employers. At the same time they are adversaries of rival trade unions who adhere to different principles or prefer other approaches and methods. The Canadian unions have thus become monopolistic in character and opposed to pluralism. In addition, they oppose the emancipation of workers as partners of an enterprise (otherwise they would identify more with the company than with the union). The two parties must remain implacable foes.

A few years ago Harry Antonides wrote that such policy is "a violation of the workers' fundamental freedom of association and is contrary to the elementary standards of a just and free society". In some cases Christian workers were firmly opposed to some of the policies of their unions and have, sometimes at great personal cost, fought valiantly to defend their freedom of association. "Invariably" says Antonides, "the unions have shown no respect for such deeply held convictions (...) They have, in fact, demanded that these workers be fired!"

- **The people, the numbers ...**

Antonides is among the brave leaders who have represented the CLAC for several decades. Let us also remember Edward Vanderkloet together with several Christian academics who have supported the CLAC through their publications. Among them one finds for example Calvin Seerveld, Bernard Zylstra and Evan Runner (see his classic, *Can Canada tolerate the CLAC? The Akille's heel of a democratic society).* CLAC has also published its own journal, *The Guide* six times per year for the last 50 years.

The CLAC is now present in all Canadian provinces, it employs some 150 staff members in eleven provincial offices and it is one of the few Canadian unions which are still growing. Founded by a few members in 1954, it counted around 5 000 members in 1978. In 1990 it doubled its numbers. In 1995 it had around 14 000 members. Today it has reached 50 000 members, including those who sign for solidarity.

The solidarity project proceeds as follows. In some cases, members support the CLAC with subscription fees even though, due to the "fraternal" system described above, they cannot have any benefit from their payment, no representation and no other advantage. Considering the situation, therefore, one can say that the membership of the CLAC has reached a modest yet more than significant number.

A quick look at the web will be sufficient to find out how the "democratic" unions are ready to demonise CLAC and its principles. This is hardly surprising. When such attacks are insufficient, since 1975, boycotts, discrimination and even arson have been used against workers choosing the wrong union. But in its 50 years of life, the CLAC has proven to be a "hard nut to crack". In its struggles it has frequently asked for help from older reformed trade-unions, based in the Netherlands.

The Dutch experience

- **The Federation of the Christian Trade Unions**

The Federation of the Christian Trade Unions in the Netherlands (Christelijk Nationaal Vakverbond – CNV) had a more quiet existence. If CLAC has reached 50 years of service, the CNV has reached 100 years. It was born in May 1909 and it

was an interconfessional union which aimed at representing both Protestant and Roman Catholic workers. However, in 1912 the Dutch Bishops convinced the Catholic workers to establish their own union (RKWV). After the Second World War there were attempts at founding one single federation of unions, but in 1974 the CNV abandoned the negotiations. In 1976 the Socialist and the Catholic unions merged into the FNV. A few years later Arije Oordjik, then secretary general of CNV, wrote an article in which he noticed how the FNV was gradually moving towards secular positions, while the CNV was consequent to its principles.

What are those principles? The CNV aims at maintaining "justice, solidarity and stewardship" which translate into "three practical objectives: participation, shared responsibility and sustainability". The CNV aims at promoting justice irrespective of race, gender, age, religion or social status. Solidarity, according to the CNV, "reaches further than people's front doors or the company's gates". The CNV operates towards a society where people can take part in social and labour processes. Sustainability is about a balanced economic growth that takes into account the interests of the future generations.

The CNV is one of the largest unions in the Netherlands, with a support base of 355 000 members. Eleven unions are affiliated to the CNV federation, working in sectors like the manufacturing industry, transport, police, education and health care.

The CNV aims at promoting justice irrespective of race, gender, age, religion or social status – a society where people can take part in social and labour processes.

The CNV started off as a moderate Christian-democratic union, opposed to class-struggle and preferring negotiating with the employers over strikes. Gradually, therefore, it oriented itself towards cooperation with the employer's organisations. This gives us an opportunity to look at a few Christian unions of employers (or including employers).

- **Christian unions of/including employers**

The Dutch Union of Christian Employers (Nederlands Christelijk Werkgeversverbond – NCW) was founded to include both protestant and catholic employers. In 1996 it merged with the Verbond van Nederlandse Ondernemingen (VNO), of Liberal inspiration. The union is now indicated by the acronym NCW-VNO. In my opinion the move was not the best one could devise. References to the Christian character of NCW are rapidly disappearing from websites, publications and presentations of NCW. It seems to me it won't take long before the process of secularisation will put to an end the Christian character of an institution which played a decent role in the history of reformational organisations. The loss of Christian vision seems to be a much greater challenge than opposition from rival unions.

By way of consolation, we may turn to the Reformational Social Union (Reformatorisch Maatschappelijke Unie – RMU), an organisation of both employers and employees counting 16 000 members in 2007. The RMU finds its principal basis in "the Bible and the three unitary Confessions of faith". Founded only in 1983 the RMU seems to attract especially the younger generations: 40% of its members are below 35 years of age and 80% are below 55. The growth rate has been 8% average per year. The favourite party among its members is the Reformed Political Party (SGP).

Something in the same line is offered by the Reformed Social Union (Gereformeerd Maatschappelijk Verbond – GMV) based in Zwolle, an organisation related to the Reformed "Vrijgemaakt" Churches and established in 1952 to welcome both workers and employers. This union serves 12 000 members. Once again, academics played some role. The union is inspired by the solidarist-organic ideas of J.C. Sikkel

(1855-1920) and P.S. Gerbrandy (1885-1961).

Concluding remarks

The principles and policies of reformational organisations, far from being outdated or even reactionary, often constitute more viable, pluralist and just alternatives.

With this, we have mentioned the main reformational organisations in the field of labour relations. I think there are good reasons to be thankful for these achievements and service-opportunities. Unfortunately similar organisations are not present in the USA or in other countries with a considerable presence of reformational Christians. However, I think one may conclude that, globally speaking, the reformational movement has kept its promise. And once again, the principles and policies of reformational organisations, far from being outdated or even reactionary (as some would like to imagine), often constitute more viable, pluralist and just alternatives.

Zahn, Tina. 2008. **Waarom ek gespring het.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 190 p. Prys: R89,95. ISBN: 978-1-77000-532-7.

Resensent: *B. Geldenhuys*
Klerksdorp Christian Academy

Tina Zahn is ’n vrou in haar middel-dertigs, sy is getroud en het twee kinders. Tussen die ouderdom van 5 tot 13 jaar is sy herhaaldelik deur haar pa (stiefpa) gemolesteer, terwyl haar ma fisiek deur haar pa mishandel is. Ten spyte daarvan dat haar ma haar pa op heterdaad betrap het met die molestasie, verkies haar ma om hom eerder te vergewe en Tina dan te verwerp.

Tipies van die sewentigerjare waar probleme eerder geïgnoreer is as om dit te hanteer, is haar ma se filosofie: “Niemand mag hiervan weet nie.” Dit is ook die woorde wat haar ma herhaaldelik gebruik. In ’n poging om van haar probleme te ontvlug, ontwikkel Tina ’n inskiklike persoonlikheid. Sy raak inskiklik teenoor ander mense en probeer almal om haar gelukkig hou. Sy maak verkeerde vriende, raak twee keer swanger en laat albei swangerskappe aborteer.

Tydens haar studies ontmoet sy vir Daniel met wie sy later in die huwelik tree. Tina se emosionele bagasie vererger deur nageboortedepressie en Daniel se optrede, wat sy ma se gevoelens hoër ag as sy vrou s’n. Tina vind ’n gemeenskapskerk waarby sy met hart en siel betrokke raak, ten spyte van Daniel en sy ouers se besware. Na die geboorte van haar tweede kind vererger haar nageboortedepressie en word sy later in ’n kliniek opgeneem. Al die onverwerkte trauma in haar lewe bring haar tot by die brug waar sy spring. God het egter ander planne met haar lewe en sy word gered. Haar pad na herstel is lank en uiters moeilik. Dit vertel ook van die wonder van gebed en vriende.

Gelowiges sal die hand van God duidelik in haar verhaal kan sien as ook die kragtige werking van gebed. Haar verhaal is ’n motivering vir ’n ieder en ’n elk in moeilike tye en bied die vertroosting dat God in beheer is van ons lewens – ons moet dit net toelaat. Vir niegelowiges is hierdie nog steeds ’n aangrypende verhaal van moed, deursettingsvermoë en die wete dat die mens baie meer kan verduur as wat ons dink.

Die boek begin op die trant van ’n speurverhaal en lees gemaklik. Die skrywer laat ’n gewaarwording van empatie by die leser sonder dat Tina bejammerenswaardig voorkom. Dit is ’n boek wat sonder onderbrekings gelees behoort te word. Dit kom nie as ’n vertaalde werk voor nie. Die boek is vir elkeen wat verby, op pad of alreeds by sy/haar brug in die lewe is.

Chris Louw – in memoriam

D.C. Coetsee
Stompneusbaai

Soos Chris Louw se lewe was, so was ook sy dood: kontroversieel, opspraakwekkend, nuuswaardig. Oor die algemeen was daar waardering vir sy eerlikheid en dapperheid, bedrewenheid as skrywer, vermoë om tot die kern deur te dring.

Chris Louw – 'n komplekse mens met 'n meer komplekse nalatenskap.

Hulde is aan hom gebring deur liberale en anti-Afrikaner/Afrikaanse nuusblaaie en individue (selfs 'n ANC-leier het 'n goeie woord vir hom gehad), die anti-ANC Afrikaanse establishment, Pieter Mulder en Dan Roodt.

Inderdaad: 'n komplekse mens met 'n meer komplekse nalatenskap. Hoe skryf jy in 'n blad in die reformatoriese tradisie oor hom 'n in memoriam-berig?

Dit is eerstens noodsaaklik om na sy lewensloop te kyk en die konteks van sy lewe te probeer verstaan.

Konteks

Chris Louw se eerste lewensjare het hy deurgebring in Vendaland, op Siloam, die pioniersendingstasie van die Gereformeerde Kerke. Sy pa, ds. Manie Louw, was vir die grootste deel van sy lewe 'n sendeling in Suid-Afrika, maar hy het ook tydens Chris se belangrike vormingsjare, 'n aantal blanke gemeentes in die destydse Suidwes bedien.

Volgens Louw (in 'n TV-onderhoud) het hy in die Suidwes-tyd hartgrondige bedenkings begin ontwikkel teen die "gereformeerde" etos en praktyke – veral deur ervarings in sy ouerhuis en opvoeding, by die skool en die koshuis en met onderwysers. Dit het later omgesit in 'n algemene opstand teen die "outoritarisme" en "skynheiligheid" wat hy oral in die Christendom, by Christene en kerklike leiersfigure gesien het. Sy ervaring van Christelik-nasionale onderwys aan die Hoërskool HF Verwoerd in Pretoria waar hy gematrikuleer het, het sy opstandigheid aangevuur. Toe hy kennis maak met die geskrifte van André P. Brink en Breyten Breytenbach, het dit hom finaal op die pad weg van en teen die aansprake van die Christelike – en besonderlik die gereformeerde – geloof laat kies. Hy het ook oortuig geraak van die immoraliteit en ontoepasbaarheid van apartheid en was deel van die "Dakargangers" van die laattagtigerjare.

In die laaste jare het sy rubrieke en algemene optrede al meer getuig van 'n traumatiese ontnugtering met die nuwe Suid-Afrika – besonderlik die morele verval en die toename in misdaad en korrupsie.

Hy het die koerantwese en joernalistiek as loopbaan gekies en was by *Die Vaderland*, *Mail & guardian* en die SAUK waar hy aan die hoof was van programme soos Monitor en Spektrum. Hy het die SAUK verlaat mede as gevolg van sy opstand teen Snuki Zikala en ander gesagsfigure en -praktyke in die Korporasie. Van toe af het hy grotendeels 'n bestaan gemaak as vryskutjoernalis – veral in Afrikaanse blaaie. Hy het in 2000 in die kalklig gekom deur sy ope brief ("Boetman is die bliksem

in") aan Willem de Klerk waarin hy gereageer het teen Willem se boek oor die rol van Afrikaners in die nuwe Suid-Afrika en die dilemma waarin veral sy geslag Afrikaners hulle bevind het. Dit is opgevolg deur "Die swanesang van die verligtes" waarin hy onberoulik voortgeborduur het op sy idee van die uitverkoop-van-die-Afrikaners deur 'n fariseïstiese kliek Afrikanerleiers. In die laaste jare het sy rubrieke en algemene optrede al meer getuig van 'n traumatiese ontnugtering met die nuwe Suid-Afrika – besonderlik die morele verval en die toename in misdaad en korrupsie. Hy het die belangrike rol van die Afrikaanse gemeenskap en hulle reg om deel van die nuwe bedeling te wees, verdedig en bevorder. In die laaste dae van sy lewe het hy swaarde gekruis met Antjie Krog en Jonathan Jansen, omdat hulle die uniekheid van Afrikaners en hulle rol in die land sou misken het.

Hy het hom op 'n plasie naby die Hartbeespoortdam gevestig waar hy blykbaar as boer nie baie suksesvol was nie. Hy het homself heelhartig ingewerp by die verbetering van die lewensgehalte van die gemeenskap deur byvoorbeeld 'n sekuriteitsgroep van plaaslike inwoners aan die gang te kry om maksimale publisiteit te verseker vir voorvalle van misdaad en ondoeltreffendheid van die polisie.

Hy was vir meer as 30 jaar getroud met Johanita, 'n oortuigde Christen. Hulle het 'n seun en 'n dogter.

In sy laaste boodskappe en uitsprake het hy gesê dat hy eerder gouer as later dood wil wees – skynbaar omdat hy moeg en gefrustreerd is oor die futiliteit van sy verset teen die algemene inploffing van die gemeenskap.

Louw as mens

Diegene wat hom van kleins af geken het, sê sy uitstaande kenmerke was sy hardkoppigheid ("soos sy pa", sê iemand), rebelsheid en sy intelligensie. Daarby het hy oor 'n buitengewoon goeie geheue beskik. Sy pa sê "… sy fotografiese geheue het hy van sy ouma aan moederskant geërf … en sy sin vir regverdigheid van sy ouma aan vaderskant".

Sy ervaring met prostaatkanker het ook 'n invloed op sy lewe en optrede gehad. Hy het eendag besluit dat hy genoeg gehad het van die chemoterapie en het aan die voet van Tafelberg 'n belofte gemaak (onduidelik aan wie) waarin hy hom verbind het om vir die res van sy lewe die waarheid te praat, of hy gesond word of nie. Hy was daarna nie weer siek nie en het verbind gebly aan "die waarheid" soos hy dit gesien het – al het dit hóé seergemaak.

Hy het baie waarde geheg aan verhoudings. Blykbaar het hy voor sy dood, sover dit moontlik was, sy verskoning aangebied aan mense wat hy "te na gekom het". Ondanks alles, het hy in 'n TV-onderhoud gesê, is hy lief vir sy pa. Konflik met mense vir wie hy lief was, was vir hom 'n swaar las.

Hy het 'n belofte gemaak waarin hy hom verbind het om vir die res van sy lewe die waarheid te praat en het verbind gebly aan "die waarheid" soos hy dit gesien het – al het dit hóé seer gemaak.

Mense het Chris Louw verskillend ervaar. Vir sommige mense was hy onbeskof. Vir andere was hy bloot bewonderingswaardig eerlik. Vir die meeste van sy professionele vriende was hy 'n rolmodel. Vir ligsinnighede het hy min tyd gehad. In geselskap wou hy filosofeer en die bedenklikhede in die samelewing probeer uitpluis en aanpak. Na ouer mense wat met die besadigdheid van die ouderdom na werklikhede gekyk het, het hy moeilik geluister en hy was ongeduldig met jongmense wat nie entoesiasties oor sy eie agendas was nie.

Volgens sy eie getuienis was hy nie 'n Christen nie, maar mense wat hom geken het, sê hy het dit op prys gestel dat aan tafel gebid word. Hy het Christene se geloof gerespekteer en soms gevra dat die

Bybel gelees en vir hom gebid word. Hy het skynbaar geglo in die "spirituele", maar aansprake van die uniekheid van die Christelike geloof verwerp.

In memoriam?

Waarvoor sal mense uit die reformatoriese gemeenskap hom onthou? Wat kan diesulkes uit sy lewe en werk leer?

Miskien moet 'n mens twee bybelse aspekte oorweeg: vryheid en roeping.

- **Vryheid**

Jesus het aan die Jode wat selfversekerd daarop aanspraak gemaak het dat hulle as kinders van Abraham vry is, gesê dat hulle sy dissipels moet word. Dan sal hulle die waarheid ken en daardie waarheid sal hulle vry maak (Joh. 8:31, 32). In die daaropvolgende kontrovers met die Jode sê Hy: "As die Seun julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" (Joh. 5:36). Hy gaan verder en sê dat dié wat nie na Hom luister nie, slawe van die duiwel, die vader van die leuen, is – en uiteindelik is hy 'n mensemoordenaar (Joh. 8:44).

Daardie waarheid bevry in vele opsigte: van verknogtheid aan blote tradisies, tonnelvisie, vrees vir mense, haat, wanhoop. Dit bring egter ook 'n nuwe gesindheid: in die plek van selfgesentreerdheid kom liefde vir mense (ondanks hulle gebreke), die soeke na die volle waarheid in plaas van selfingenomenheid, die oortuiging van persoonlike verantwoordbaarheid aan die Gewer van die waarheid.

In die reformatoriese paradigma is die vryheid van die mens dus 'n begrensde vryheid. Slegs binne die grense van die waarheid en die liefde kan jy vry wees.

Gemeet aan hierdie siening van vryheid, was Louw nie vry nie. Hy was 'n gevangene van sy eie aard. Daarvan kom 'n mens slegs los (en dit ook onvolmaak in hierdie bedeling) deur God se genade: wedergeboorte waardeur jou denke vernuwe word (Rom. 12:1, 2), jou gedagtes gehoorsaam gemaak word aan Christus (2 Kor. 10:5) en die Heilige Gees sy vrug in jou lewe dra ("… liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing", Gal. 5:22, 23).

Louw was bekend vir sy uitgesprokenheid, maar nie vir sy geduld met die standpunte van andere nie. Hy was bekend vir sy oortuigings, maar nie vir die gebalanseerdheid daarvan nie. Hy was bekend vir sy gefrustreerdheid wanneer dinge nie na sy insig en sin was nie, maar nie vir sy vertroue dat die waarheid waaraan hy geglo het uiteindelik sal oorwin nie. Hy was verbind tot die waarheid, maar was dit die volle waarheid met sy vele kante? 'n Mens het beswaarlik die indruk gekry dat hy daaraan geglo het om in liefde die waarheid te praat tot die groei en opbou van ander (Ef. 4:15).

Was Louw dus nie maar 'n gevangene – en uiteindelik 'n slagoffer – van 'n selfgesentreerde (onderskei van 'n selfsugtige) paradigma nie in plaas van 'n bevrydende nie?

- **Roeping**

Roeping is 'n ander aspek van die reformatoriese paradigma: alles wat die mens doen, behoort in diens van God se koninkryk te staan (Rom. 11:36; 1 Kor. 10:31) – tot die uiteindelike welsyn van die individu en die gemeenskap (Matt. 5:13-15; 6:33). Elke mens is daarom geroep om teen die leuen en onreg te stry. Dit moet egter op so 'n manier gedoen word dat God daardeur verheerlik word (Matt. 5:16). 'n Mens gebruik nie die metodes en wapens van "die wêreld" nie (2 Kor. 10:3, 4), maar dié van die Gees (Joh. 16:8) en die Woord (2 Kor. 6:7; Heb. 4:12); 'n mens word nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie (Rom. 12:21); 'n mens word nie paniekerig, moedeloos of wanhopig nie, want Christus het klaar die wêreld oorwin (Joh. 16:33) – en Hy leef in jou (1 Joh. 4:4).

Dat Louw gemeen het dat hy 'n roeping het, is duidelik. Die vraag is: wie of wat het hom geroep? Was dit "die waarheid", was dit "teen onreg", of was hy dalk gedryf – in plaas van geroep – deur 'n basiese onvrede? Daar is so iets soos "'n heilige

onrus", maar ook dit is slegs sinvol en opbouend indien dit deel is van 'n "heilige roeping" tot diens van die koninkryk. Dit is bepalend vir die werktuie, metodes, gesindheid en doel van jou onrustige strewe en uiteindelik ook vir die waarde daarvan.

Gemeet aan die maatstaf van roeping in die reformatoriese sin, het Louw min blywends bygedra.

Hoe verstaan 'n mens dit?

Is 'n mens onherroeplik die produk van jou omgewing, opvoeding, ervarings, of het jy die verantwoordelikheid om jou vryheid uit te oefen en te kies wat jy in en met jou lewe gaan maak? Is jy weerloos teen jou eie sondige wil en aangebore aard? Is jou intellek, gesonde verstand, logika, insig en kennis die enigste maatstawwe van wat waar en werklik is en waardeur jou lewe gerig behoort te word?

Is die misterie van God die grootste werklikheid, en om met geloof, hoop en liefde aan te hou leef, die grootste genade?

Ons wil so graag klinkklare antwoorde hê op hierdie vrae sodat ons kan verstaan en verklaar. Dit gee 'n gevoel van in-beheer-wees, van sekerheid en sekuriteit. Daarteenoor staan die misterie van die Godsbesluit. God en sy besluite en oordele is groter as ons pogings om te verstaan en seker te wees.

Ter voorbereiding vir hierdie artikel het ek met 'n aantal mense kontak gemaak. Onder hulle was vier persone wat dele van die bosoorlog meegemaak het. Almal het, in teenstelling met Louw, gesê hulle glo dat hulle in die konteks van daardie tyd 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die uiteindelike vreedsame oorgang na die nuwe Suid-Afrika. Almal weet van makkers wat "uitgehaak" het, maar glo nie dat die oorlog hulle self benadeel het nie – inteendeel, dit was van die hoogtepunte in hulle lewens, al sou hulle dit nooit weer wou oorhê nie.

Ten opsigte van Christenskap, dink ek, moet 'n mens by die woorde van Petrus berus (geparafraseer): "Wie in Jesus glo, word nooit teleurgestel nie. Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir die wat nie glo nie, geld hierdie woorde: 'Ek lê in Sion 'n Hoekklip, uitverkies vir die ereplek … 'n Klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp'. Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem". (1 Pet. 2:6-8.)

Ek verstaan dit nie. Miskien, is dit ook daarom dat Louw se lewe en dood 'n raaisel sal bly. Is die misterie wat Willem de Klerk uiteindelik "Die vreemde God en sy mense" genoem het tog die grootste werklikheid, en om met geloof, hoop en liefde aan te hou leef, die grootste genade?

Van Zyl, Jacob D. 2009. **Breek deur die grens: jou persoonlike berader vir sewe algemene knelpunte.** Wellington: Lux Verbi.BM. 190 p. Prys: R129,95.
ISBN: 978-07963-0785-9.

Resensent: *E. van Rensburg*
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Breek deur die grens is geskryf deur Dr. Jacob van Zyl, 'n sielkundige en predikant. Dikwels word sielkunde en teologie deur wetenskaplikes, maar ook deur die breë publiek as "onversoenbaar" gesien. Hierdie boek is geskryf vanuit 'n geïntegreerde en versoenbare standpunt tussen die Sielkunde en die Teologie. Die skrywer het daarin geslaag om verskillende emosionele en gedragsproblematiek vanuit sowel die Sielkunde as die Teologie

te verklaar en selfhelp riglyne te verskaf in die hantering daarvan. Die skrywer het sommige van die mees algemene problematiek by adolessente en volwassenes gehanteer, naamlik depressie, angs, stres, posttraumatiese stresversteuring, huweliksproblematiek, die hantering van gesinseise en kinderopvoeding, selfbeeldproblematiek en hoe om in die hier en die nou te leef. In die verskillende hoofstukke verskaf hy 'n mooi en volledige uiteensetting van die simptomatologie en kliniese beeld van verskillende emosionele en gedragsproblematiek. Hy bied vervolgens vanuit die Sielkunde asook vanuit die Teologie verklarings daarvoor – hoe en waarom dit voorkom en "normaliseer" sodoende as 't ware die verskillende problematiek – met ander woorde die problematiek waarmee gewone mense (en dus ook Christene) dikwels worstel. Baie gelowiges kry swaar as gevolg van depressie, angs, huwelikskonflik en ander problematiek, maar gaan dan onnodig gebuk onder erge skuldgevoelens omdat hulle as Christene hierdie probleme ervaar. Dit word dikwels vererger deur uitsprake dat die persoon dalk "ongelowig" is, of "net nie genoeg glo nie", of nog erger, "gestraf word vir een of ander sonde". Die skrywer dui aan dat die beskrywing van gevoelens van angs, depressie, wanhoop en ander soortgelyke problematiek reeds in die Bybel gegee word. Hy staaf sy stellings deur na verskeie gedeeltes en persone in die Skrif te verwys.

Van Zyl lewer verder 'n nuttige bydrae deur toepaslike gevallestudies om die spesifieke problematiek te demonstreer en verskaf verder sinvolle riglyne hoe die individu homself kan help. Die praktiese wenke en selfhelpoefeninge is vanuit 'n geloofs- en sielkundige perspektief geskryf, is wetenskaplik gefundeerd en sal deur die meeste persone toegepas kan word. Die skrywer is egter versigtig deur telkemale uit te wys dat indien hierdie selfhelpoefeninge nie die nodige verandering teweeg bring nie, die persoon sielkundige en pastorale hulp benodig. Baie van die riglyne en oefeninge word ondersteun en verdere gerig deur snitte op 'n CD wat saam met die boek verskaf word. Die boek lees maklik en sal toeganklik wees vir die breë publiek.

Kritiek wat teen die boek ingebring kan word, is dat die skrywer nie genoeg waarsku teen die gebruik van angsweerders nie – angsweerders wat dikwels hoogsverslawend is. Sy beskrywing van die "primêre rol" van die man en die vrou (p. 105) is ook kontroversieël en ietwat argaïes. Die risiko in hierdie oorvereenvoudigde rolverdeling, soos hy dit uiteensit, lê daarin dat dit huwelikskonflik juis kan laat toeneem. Die geheim van 'n suksesvolle huwelik lê volgens baie wetenskaplike literatuur in die huwelikspaar se vermoë om by verskillende rolle te kan aanpas en om oor veranderde rolle te kan onderhandel. Van Zyl se stelling dat die "enigste twee redes wat volgens die Woord van God regtig vir 'n egskeiding geldig is, egbreek [is] en wanneer een party in God glo en die ander nie" (p. 100), is rigied en kan individue wat fisies en emosioneel in die huwelik mishandel word en oorweeg om te skei of reeds geskei het, maklik skuldig laat voel, met gepaardgaande langtermyn emosionele problematiek soos depressie. Hierdie gedeelte doen myns insiens afbreek aan 'n goeie, deurdagte en bruikbare boek.

My grootste punt van kritiek teen die boek is dat dit wil voorkom asof Van Zyl oormatig bewus is van sy status as sielkundige en sy rol in die terapie. Hy het in die begin van die boek aangetoon dat hy 'n sielkundige en teoloog is, en daarom is dit hinderlik om soveel verwysings na homself, sy radiopraatjies, sy praktyk en sy eie lewe te sien. Dikwels is hierdie verwysings ook ietwat uit konteks en lewer dit nie 'n wesenlike bydrae in die punt wat hy wil illustreer nie. So byvoorbeeld sal hy etlike kere sinne begin met "In my praktyk … vind ek" dit of dat, of "as sielkundige vind ek dat", of "X het by my praktyk aangemeld vir hulp", of hoe stresvol sy eie keuring as sielkundige vir hom was (p. 61-62), of "Ek was in 'n reeks streshanteringslypskole vir regeringsamptenare betrokke" (p. 49), of "'n dame het eenkeer by 'n radiopraatjie waarby ek betrokke was gevra ...". Soortgelyke voorbeelde kom voor op p. 63, 64, 69, 71, 83, 89, 91, 98, 99, 106 en ander. Oormatige verwysing op hierdie manier na homself, sy eie praktyk, wat hy vermag het, sy radiopraatjies en gebeure in sy eie lewe kom plek-plek as bietjie selfvoldaan voor. Dit is werklik jammer, aangesien so 'n skryfstyl mense maklik kan ontmoedig om verder te lees en dit terwyl die boek nuttig as selfhelpgids aangewend kan word.

Van Zyl stel in die voorwoord die doel van die boek: " ek hoop van harte dat die perspektiewe, inligting en voorstelle … jou gaan aanraak, dat dit jou in beweging sal bring om die ou grense oor te steek na wêrelde van nuwe perspektief en moontlikhede …" Die skrywer het daarin geslaag om emosionele problematiek vanuit 'n Christen-sielkundige perspektief vir die breë publiek verstaanbaar te maak en het dus sy doel bereik. In die geheel kan *Breek deur die grense* met vrug gebruik word deur persone wat poog om hulself te help.

Van der Walt, B.J. 2010. **At home in God's world: a transforming paradigm for being human and for social involvement.** Potchefstroom:
The Institute for Contemporary Christianity in Africa. 557 p. Price: R150,00.
ISBN: 978-1-86822-570-5.

Reviewer: *S.J. van der Merwe*
Department of Missiology, Mafikeng Campus,
North-West University

What a privilege to hear clearly that we, Christians are at home. This home is God's world. This is a thought provoking book that analyses relevant issues. It calls all Christians to action in God's world by living according to his word. Van der Walt penetrates to the heart and show how an obedient Christian should live in this world (God's world). "We can only be fully at home in God's world and serve Him when we are renewed in the image of Christ by obeying God's central and foundational commandment of love." (p. 325.)

The author dissect the problem as Adeyemo (1993:4) stated it: For decades in Africa, evangelism and missionary activities have been directed at getting people saved (i.e. spiritually) but losing their minds. Consequently we have a continent South of the Sahara that boasts of a more than 50% Christian population on the average, but with little or no impact on society. Therefore, most Christians believe that the gospel provides spiritual clothing and footwear, but when it comes to socio-political clothes and shoes the gospel cannot provide. Because we cannot go naked and barefoot in public, Christians then buy socio-economic-political clothing at the secular market ... and walk in clothes and shoes that do not really fit them as Christians.

The book is all about God's world and his calling of his people and empowering them through his Word to be effective transformation agents. The author starts by explaining how the Bible should not and how it should be read. He gives a solid biblical basis of a Christian worldview and philosophy and shows why such is necessary. To be at home in God's world, we should regard the Bible as God's encompassing directive for life and also for social involvement. The author succeeds in doing this. He gives the basis on which to build a Christian reformational philosophy and indicates how God's ordinances provide direction in a crisis of norms and values.

Van der Walt states it that your view of a human being is important for life and social involvement. The strong emphasis on the individual (Western) or the group (Africa) are corrected by a multidimensional Christian view of being human. The last section regards Christian paradigm for social involvement. Van der Walt concludes with a partnership model for transforming development cooperation in Africa. This will be a solution to many of Africa's problems.

The book reads easy and provides on a regular base short reviews of what had been said. At the end of each chapter there is also a summary. This increases the value of the book and gives the opportunity to read it quickly and still follow the arguments, or read in-depth and be guided to rethink all the aspects. *At home in God's world* is also valuable as a resource for studying the development of reformational philosophy. It provides a wealth of literature to consult.

According to God's Word to be fully at home in God's world, Christians should not only lead a pious personal life and be a committed church member, but should also be involved in different social relationships outside the church. This book empowers Christians to be the salt and light for this world.

Harris, Trudy. 2010. **Visioene van die hemel.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 167 p. Prys: R79,95. ISBN: 978-1-77000-736-9.

Resensent: *S-J. Wessels*
Emerituspredikant: Ngupasen Beradingsentrum, Parys

Daaglikse gebede word so maklik geykte gebede – elke gelowige kan daarvan getuig. Daarom In haar boek *Visioene van die hemel* vertel Trudy Harris, 'n Ierse katoliek wat jare lank in 'n hospies verpleeg het, 40 ware verhale van terminaalsiek kankerpasiënte se konfrontasie met hulle naderende dood.

Gestroop van alle waan en pretensies kom die terminale pasiënt te staan voor die naakte werklikheid: hy/sy gaan sterf. Die laaste sand in die aardse uurglas is besig om uit te loop.

Dit voel vir die leser van hierdie verhale asof hy/sy, soos Moses, voor 'n brandende braambos te staan gekom het. Jy wil jou skoene uittrek en jou hoof met 'n sluier bedek, want die gebied wat jy betree is heilig. Jy besef dat jy hier saam met die terminale sieke die drumpel van die ewige lewe betree. Hierdie boek is nie net nog 'n vertelling vir 'n gevallestudie nie. Harris bring die leser tot binne-in die ervaringswêreld van persone wat die dood reguit in die oë kyk.

Die sterwende persone waarvan Harris vertel, het vrede gemaak met God en die feit dat hy/sy gaan sterf en wag rustig vir daardie oomblik. As leser kom 'n mens onder die indruk van God se groot genade, en jy besef dat dit ook vir jou beskikbaar is. Jy kyk met nuwe oë na jou eie stoflikheid en sien uit daarna om met soveel vrede en rustigheid te kan sterf wanneer jou tyd aanbreek.

Die boek is nie deurgaans teologies verantwoordbaar nie. Die leser het hier te doen met oorwegend fundamentalistiese, maar eerlik-opregte en diep, roerende geloofsbelewenisse – mense wat gedurende die laaste skof van hulle lewensreis intiem met God verkeer en vrede en harmonie gevind het. Alle bagasie is afgelaai en deurgewerk.

Die titel *Visioene van die hemel* is myns insiens ietwat misleidend. Van 'n boek met hierdie titel sou ek nabye doodservarings verwag waarin die persoon nie sterf nie, maar terugkeer na 'n normale lewe. In die boek het ons wel te doen met nabye doodservarings, maar die persoon keer nie weer terug na die normale lewe nie – dit is ware sterfbedverhale.

Die subtitel *Ware verhale van vrede en hoop aan die einde van die lewensreis* is meer van toepassing, want dít is wat dit is – verhale van HOOP en VREDE. Vrede en rustigheid is die uiteinde van al hierdie verhale.

Mense sterf soos hulle geleef het. Harris vertel van mense wat al hulle sake goed gereël en afgehandel het soos byvoorbeeld Steven met die versoek: "Ek wil alles in orde hê, sal jy my help?". Daar is ook 'n geval waar dit nodig was om vergifnis te skenk aan en te ontvang van mense met wie die sterwende in onmin geleef het. 'n Ander verhaal vertel van 'n persoon wat eers tydens die terminale fase tot bekering gekom het en vrede en rus gevind het. Johnny het gesê, "maar sê nou ek glo nie in Hom nie, wat dan?"

Myns insiens word die fisiese sterfproses in die boek ietwat onrealisties voorgestel. Min mense sterf werklik rustig "in vrede". Die fisiese sterfproses is 'n worsteling van die liggaam wat nog wil vasklou aan die lewe. Die sterwende se worsteling is ontstellend vir die

naasbestaandes. Ek is bevrees dat die lees van die boek mense onder die verkeerde indruk sal bring ten opsigte van die sterwensproses. Selfs hier, by die sterfbed van 'n gelowige wat vrede gevind het, kom ons onder die indruk daarvan dat dood tot die einde nog 'n vyand is – wel 'n oorwonne vyand!

Hierdie boek is leesstof vir almal – veral vir mense met terminale siektes of mense wat naby aan iemand is wat terminaal siek is. Vir predikante is dit 'n moet, want dit bring hulle midde in die denkpatrone van die gemiddelde lidmaat. Dikwels verlang die terminale pasiënt nie uitgebreide teologiese beredenerings en korrigering van hulle godsbegrip nie, maar net 'n rustige versekering dat God teenwoordig is en hom/haar elke tree van sy reis dra. Dit maak nie saak hoe kinderlik-naïef die persoon se geloof is nie, want die uiteinde van die reis hang nie van die persoon se teologiese kennis af nie, maar van God se genade.

Blouwillem. 2009. **Willer Blouwillestories.** Pretoria: Protea Boekhuis. 136 p. Prys: R130,00. ISBN: 978-1-86919-316-4.

Resensent: *B. van der Merwe*
Mafikeng

Blouwillestories, die eerste versameling van Blouwillem (Willem Theron) se weeklikse rubrieke in *Beeld*, *Volksblad* en *Die Burger* het in 2007 verskyn en oral groot byval gevind. Die tweede bundel, *Willer Blouwillestories* (2009) beloof om net so gewild soos sy voorganger te wees.

Volgens 'n paar aanhalings op die agterblad is alle persone egter nie ongekwalifiseerd geesdriftig oor hierdie publikasie nie. "Dr. Gotlieb Antonie Posthumus, Voorsitter (postuum) van die Kommissie vir Uitsetting van Ongewenste en Onnodige Persone" beskou dit as "'n Skandvlek, ja, 'n skandvlek!" Terwyl "Maantoe Shabalalalala Miesiesbang" onomwonde verklaar: "The cynical approach of this Blouwillem to matters that are crucial to the health of this democracy fills one with horror. Thankfully I have some beetroot at hand."

In 'n koerant waar die meerderheid nuusberigte dikwels die negatiewe en ontstellende onder die lesers se aandag bring, is Blouwillem se rubriek 'n welkome afwisseling. Hy spot met een en almal, daar is vir hom geen heilige koeie nie. Hy gee sy mening woordryk en onverskrokke, maar altyd met die tong in die kies.

Woordspeling is sy forte. Hy skryf van die "Wille Boontjie-koffiewinkel" (p. 12); "Binnelandse Slape" (p. 22) en waarsku dat 'n mens nie moet dink omdat dinge vandag so is, dit môre ook so sal wees nie "Soos met Eksdomkrag, gaan die ligte af wanneer ons dit die minste verwag" (p. 105).

Hy lewer slim en humoristiese kommentaar op nuusgebeure en ontsien niks en niemand nie, ook nie homself nie. Hy het werklik, so beweer hy, op universiteit niks geleer wat hy kan onthou nie, "behalwe hoe om 'n bierbottel met my tande oop te maak en vandag skroef dit oop" (p. 47).

In 'n onderhoud met Marga Ley (*Beeld*, 24 Aug. 2007) verduidelik Blouwillem dat hy nie 'n nar is nie, hy sien net snaakse goed raak. Lesers van sy rubriek en ook van die bundels wat uit hierdie rubrieke saamgestel is, kan hoop dat hy nog vir lank al die snaakse goed wat hy oral raaksien so vernuftig met hulle sal deel.

Willer Blouwillestories is heerlike, pittige leesstof en behoort byval te vind by 'n wye verskeidenheid lesers.